# *Wees Nie Bevrees Nie, Dit Is Ek*

. . . baie Broer Herman. Goeienaand, vriende. Dis nog 'n voorreg om hier te wees vanaand, in die diens van die Here, om te probeer doen wat ons kan om die mense te help om die Here Jesus beter te ken. Ons het 'n wonderlike tyd gehad hierdie week. As daar 'n paar nuwelinge is vanaand, ons het net 'n outydse herlewing. Wanneer ek mense hier in die paadjie sien afstap om Christus as hulle Verlosser te aanvaar, in te gaan om te soek, en om God te vra vir 'n dieper wandel met Hom, en om die Heilige Gees te ontvang, beteken dit dat daar 'n herlewing in wording is. So ons is dankbaar, baie, baie, dankbaar daarvoor. En ek vertrou dat die Here Jesus ons vanaand sal seën, uitermatiglik.

2 En, nou, ek wil hê julle moet môre-oggend se ontbyt onthou. Ek dink dit is afgehaal net vir predikers en hulle vroue, maar dis "wie ook al wil," en iewers hier op die gronde, by die skool, waar die ontbyt sal wees. En dan onmiddellik na ontbyt wil—wil ek praat, met die—die groep praat wat daar is die . . . oor 'n evangelistiese boodskap. En ek sal baie bly wees as julle tyd in julle skedule kan vind, aangesien dit Saterdag is, as julle net kan inloer vir 'n paar oomblikke en ontbyt eet saam met ons, en luister na die boodskap.

3 En dan—dan Saterdagaand, môre-aand, op die gewone tyd, sewe-dertig, dink ek, is weer die begin van die gewone diens, môre-aand. En dan Sondagmiddag, om twee-uur, verwag ons nog 'n groot saamtrek van bid vir die siekes, op Sondagmiddag, die vertrek, wanneer, voor ons die stad verlaat. Dankie vir julle uitnodiging om terug te kom, en ek vertrou dat as dit die wil van die Here is, ek weer na julle toe kan terugkom, een of ander tyd; dit was 'n wonderlike tyd.

4 Nou, ek wil nie te veel tyd opneem, vanaand nie, ek sê dit elke aand, ons vertrek omtrent tienuur, of tien-dertig, of daarrond, maar julle is so 'n gawe gehoor om mee te praat. Nou, ek wil hê, omdat ons vanaand vir die siekes gaan bid . . . Natuurlik het ons elke aand vir die siekes gebid, dink, elke aand. Nou, dat ons 'n goeie, duidelike begrip in almal kan kry, en ek's . . . Ek sal vra of julle net so eerbiedig sal wees, en my julle onverdeelde aandag sal gee, want wat hier sit, en buite in die gehoor is mense wat hier is en as hulle nie hulp van God kry nie, gaan hulle ons spoedig verlaat.

5 Nou, wat as hierdie jou moeder was wat op hierdie draagbaar gelê het? Wat as dit jou vader was wat in hierdie rolstoel gesit het?

Wat as dit jou kind was wat daar gelê het? Jy sien, jy mag dalk nie in Goddelike genesing glo nie, maar jy was nog nooit siek genoeg nie, jy het nog nooit die dokter sy kop laat skud, en te sê: "Sal God verg volgende, ek het alles gedoen wat ek kan doen," dan sal jy in Goddelike genesing glo.

6 So, julle onthou dis iets wat in die Skrif geskryf is, as jy Hom sou verwerp in die dae van jou gesondheid soos hierdie en wanneer jou teëspoed kom, het Hy gesê: "Sal Ek net vir jou lag." So dis die beste om Hom nou te ken, terwyl jy gesond is, en van gesonde verstand, en kan opstap na Hom, en Hom aanvaar, en Sy Woord glo, en jouself uitspreek aan Hom, dis die beste om Hom nou te ken, dat wanneer die uur van probleme kom, Hy 'n baie teenswoordige hulp is in die tyd van probleme.

7 Nou, laat dit aan elkeen bekend wees, dat ek nie glo dat daar so-iets is soos 'n man wat 'n Goddelike geneser is nie. Of hy 'n dokter is, of of hy 'n sielkundige is, wat hy ook al is, daar is geen Goddelike genesers nie, daar is net een Geneser, en dis God.

8 Nou, ons het dokters, en mediese instansies, en wetenskaplikes vir navorsing in medisyne, en waarvoor ons dankbaar is, en as Christenmense behoort ons nie 'n dag te laat verbygaan sonder om te bid vir die hulp vir daardie manne wat probeer, in navorsing om iets te vind om die lyding te help verlig, nie. Ek dink dis 'n goeie ding, 'n ware Christelike daad, vir mans en vroue om te bid vir mense *so-iets* te vind om ons te help. Want, wat as dit jy was wat siek was? Sien? Jy sou enigiets wou hê wat jou kon help. Wel, dan wanneer 'n persoon by 'n punt kom wat hulle het. . . wat die dokter niks meer vir jou kan doen nie, dan dink ek het ons 'n reg om God aan te roep, ons wat God glo.

9 Nou, dis onbetwisbaar in die Skrifte oor Jesus Christus en die vroeë apostels, hulle het, deur geloof, die siekes genees. Jesus het aanspraak gemaak dat Hy nooit die siekes genees het nie, Hy het gesê: "Dis My Vader wat in My woon, Hy doen die genesing, en Ek maak net soos Hy My wys deur 'n visioen." Nou, enige Bybelstudent weet dis waar, Johannes 5:19. Jesus het nooit een wonderwerk in Sy lewe gedoen sonder dat God die Vader eers vir Hom 'n visioen gewys het om dit te doen nie, of Hy het iets verkeerd in die Bybel vertel, want Hy het gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun net so."

10 Nou, Goddelike genesing is nie gebaseer op een of ander emosie nie, dis nie gebaseer op een of ander handoplegging, of een of ander vreemde gevoel, of sensasie nie, dis gebaseer op 'n geloof in 'n werk wat vir jou gedoen is deur Jesus Christus op Gólgota; dis 'n voltooide produk. En elke persoon hier, vanaand, wat siek en beproefd is, wat God betref, is jy alreeds genees. Sien?

En elke sondaar hier is alreeds gered, want dit was volbring op Gólgota.

11 En nou, aan die dekane en leraars van die skole, as die ou verbond, die ou versoening genesing ingesluit het, en hierdie 'n beter versoening is as wat die ou een was, hoeveel te meer het hierdie genesing daarin? Sien?

12 Die Bybel het gesê, in Jesaja, dat Hy vir ons oortredinge deurboor is, en deur Sy wonde daar vir ons genesing gekom het. Nou, iemand het probeer praat, en sê dit is vervul in Matthéüs 12 toe Hy gesê het Hy het ons swakhede op Hom geneem, en Hy hulle genees het, dat dit vervul kon word wat gespreek is deur Jesaja die profeet: "Hy het ons swakhede gedra." Dit was 'n jaar en ses maande voor die versoening ooit gemaak is. Dan as dit waar is, waar baie probeer argumenteer teen Goddelike genesing, dan het die versoening meer krag gehad voor dit in werking getree het, as wat dit het nadat dit in werking getree het. So jy. . .

13 En ek kan enigiemand wys, of, enige Bybelleser, waar dat Christus vir Sy Kerk gegee het, of dit Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Katoliek, Pinkster genoem word, wat dit ook al is, Hy hulle krag gegee het om die siekes te genees. Nou, ek vra vir enige man, enige student, enige Bybelstudent, of historikus, om vir my een stukkie Skrif te gee waar Jesus daardie krag teruggevat het van die Kerk, en vir hulle gesê het hulle het dit nie meer nie. Hy het nooit die krag van die Kerk weggevat nie, die Kerk is bang om uit te oefen, of te beoefen, wat Christus vir hulle gesê het om te doen.

14 Nou aan die kritikus, 'n paar jaar gelede kon julle opmerkings maak, maar nou het ons tienduisende gedokumenteerde verklarings deur dokters, klinieke, hospitale, oraloor die wêreld, van absoluut uitstaande wonderwerke van blindes, dowes, stommes, opgewek uit die dood, wanneer die dokter hulle dood verklaar het, gedokumenteerde verklarings. So daar's. . .Hulle—hulle mo-. . .die ongelowige se mond is gesnoer. Sien? Jy hoor nie veel meer daarvan nie, hoor jy? Niks om te sê nie.

15 Nou, dit behoort nie net aan die Pinkstermense nie, dit behoort nie net aan 'n sekere groep, of 'n sekere man, of 'n—'n evangelis wat verbykom, soos ek, of Mnr. Roberts, of 'n ander man nie, dis vir elke gelowige, nie net aan die pastoor nie, maar aan die lekedom, aan enige man of vrou wat gebore is uit die Gees van God, wat geloof in genesing het, 'n reg het om vir die siekes te bid net met dieselfde resultate wat enige ander mens sou hê.

16 Dis nie. . .Ek is nie een van die gelowiges in die Nikolaïete nie, om al die te neem. . ."die lekedom te oorheers en dit alles in die pastoor te sit," dis in die lekedom. Die Heilige Gees doop nie net die pastoor nie, Dit doop die lekedom, ook, dis alles in die lekedom, en pastoor is net een van ons. Beteken: "'n herder,"

*pastoor*, wat beteken "'n voeder van die kudde." Die Heilige Gees gee opsiener om dit dop te hou, en dit te beheer.

17 Nou, onthou, as Jesus van Násaret hier gestaan het op hierdie platvorm vanaand, met hierdie pak klere aan wat Hy my gegee het, en enige van julle kosbare mense hier sou na Hom toe kom, en Hom vra om julle te genees, kon Hy dit nie doen nie. Nou, dit lyk vreemd, maar Hy kon nie, want Hy het dit alreeds gedoen, jy is verlos. Sien? Hy sou sê: "Ek. . . As jy dit glo, is dit alreeds genees."

18 Iemand het gesê: "Ek is genees. . . Ek is verlede week gered, Broer Branham." Verskoon my. "Nee, ek is tien jaar gelede gered." Nee, jy is negentienhonderd jaar gelede gered, toe Christus gesterf het, het Hy die sondevraagstuk afgehandel.

19 En hoe kan jy ooit verlossing vir die siel preek sonder om Goddelike genesing te preek? Want daardie siekte is 'n eienskap van sonde, voor ons sonde gehad het, het ons geen siekte gehad nie, en siekte het gekom as gevolg van sonde, miskien nie iets wat jy gedoen het nie, iets wat jy geërf het.

20 Vandag in die privaat onderhoude (Wat, daar is die plek waar julle die Heilige Gees moet sien.), daar is mans en vroue wat hier sit vanaand, dat die Heilige Gees selfs reguit teruggaan, vandag, in drie geslagte, en die mense afgebring het, en hulle hulle naam vertel het, en wat hulle gedoen het, en alles daarvan, en waarom hierdie ding op hierdie persoon was, en dit van hulle afgehaal het, en hulle genees het, reg in die kamer gestaan het. Vertel hulle hulle ouma, hulle oupa, wie hulle was, waar hulle vandaan kom, wat hulle gedoen het. Die derde geslag kon hulle nie dink nie, maar die volgende geslag het dit uitgebring, en die volgende geslag, en dan hulle, vir hulle, natuurlik het hulle geweet. Sien? Hy—Hy weet alle dinge.

21 Nou, dit het nie die persoon genees nie, maar dit het hulle opgelig na 'n plek waar hulle geloof gehad het om genees te word, dis waarom ons werke het. Waarom doop ons? Water sal jou nie red nie, maar dis om 'n opdrag te gehoorsaam. Om die nagmaal te neem sal jou nie red nie, maar dis om 'n gebod te volg. Jy's net. . . Om op die altaar te slaan sal jou nie genees nie, om op die altaar te slaan sal jou nie red nie, jy kon op die altaar slaan totdat jy net uitasem geraak en—en daar gesterf het, jy sou steeds ongered wees, totdat jy aanvaar en glo dat Jesus in jou plek gesterf het, en jy Hom aanvaar as jou persoonlike Verlosser. Elke prediker hierbinne kan hande lê op elke siek persoon hierbinne, en bid van nou af, tot oormôre-aand, daar sou nooit een ding gebeur, totdat jy aanvaar het wat Jesus vir jou gedoen het nie. So, daarom lê dit nie in predikers, in mekaar nie, maar dit lê in ons eie individuele geloof in 'n voltooide werk wat Christus vir ons gedoen het op Gólgota.

22 Nou, die eerste. . .Nou, baie mense het my 'n Goddelike geneser genoem, en ander manne het, dat, broers, julle weet sekerlik beter as dit. As jy glo . . . As jou pastoor verlossing preek, en jy word gered, want verlossing is in die Bybel, en wanneer jy gered word onder sy prediking, maak dit hom 'n Goddelike verlosser? Net so min as wat dit enige ander mens 'n Goddelike geneser sou maak wat genesing preek, want ons is net, ons bely wat Jesus gesê het.

23 En Jesus is die Hoëpriester van ons belydenis, sit aan die regterhand van God om voorspraak te maak volgens ons belydenis. Ek weet die King James sê *verklaar*, en *bely* is dieselfde woord. Maar *belydenis*, en Hy kan nie enigiets vir jou doen, totdat jy dit eers glo, dit aanvaar, en bely dat dit reg is nie, dan is Hy die Hoëpriester om voorspraak te maak op wat jy bely wat Hy vir jou gedoen het. Dis net so duidelik as wat ek—ek die Evangelie ken. Dis, eerlikwaar dis—dis al wat ek. . . dis die enigste Evangelie wat daar is, is dit. Nou, almal wat dit verstaan. . .

24 En nog iets wat ek wil sê, voor ek vra, of, weer sê, nou, eers, geloof kom deur wat? "Die gehoor," en deur die "gehoor van die Woord van God." Nou, dit behoort voldoende te wees, dit sou vir my wees, dit sou vir julle wees, as hulle nie jou woord glo nie, los hulle uit. Maar dit is nie so met ons Here Jesus nie. Nee, dit is nie so nie. Hy stuur gawes na die Kerk toe.

25 Daar's niemand wat kan ontken dat gawes nie in die Kerk van die lewende God is nie. Een Korinthiërs 12 het gesê daar is nege geestelike gawes in elke liggaam, en daar's ook vyf geestelike ampte in die Kerk, eerstens, is daar apostels, of sendelinge, albei van hulle beteken, die woord beteken "een wat gestuur word." Apostels, profete, leraars, pastore, evangeliste, hulle is almal God se verordineerde gawes aan die Kerk. Pastore, evangeliste, profete, en sendelinge, of apostels, in die Kerk, hulle word soontoe gestuur, en dan word daar nege geestelike gawes in elke plaaslike liggaam geplaas.

26 En waarom sou party van julle mense, so 'n groot kerk soos die Presbiteriaanse kerk, ek het hulle gids, gesê: "Lank het die Presbiteriaanse kerk die beginsels van die vroeë Kerk vergeet. Ons moet teruggaan na die Presbiteriaanse kerksprekers met tale, uitlêers van tale, gawes van genesing, en die tekens van die vroeë Kerk moet weer die kerk vergesel—die kerk vergesel, of ons sal nooit vorder nie." God seën die man wat dit geskryf het. Ons moet teruggaan na die oorspronklike begin, ons het dit net gedenomineer, en mensgemaakte dogmas gemaak, totdat ons die arme mense het tot waar hulle nie weet wat om te glo nie, dis 'n jammerlike gesig.

27 Nou, onthou dat wat Christus gister was, Hy vandag is. En enigiemand wat die Bybel lees, weet dat Sy teken dat Hy aan die

mense bewys het dat Hy die Messias was. . .Hoeveel weet wat Sy Messiaanse teken was, na hierdie week se onderrigting? Steek jou hand op. Hoeveel is dan hier vir jou eerste keer? O, baie. Hoe Hy bewys het dat Hy die Messias was, is omdat Hy 'n Profeet was, want Moses het gesê dat Hy *hierdie* Profeet sou wees.

28 Nou, ek gaan praat, en onmiddellik, sodra ek kan, kom ons dan in om vir die siekes te bid. Nou, onthou, dit gaan nie net my gebede wees nie, *julle* gebede. En asseblief, my vriende wat hiernatoe gekom het siek en beproef, baie, baie erg, wat sit, party van julle, in rolstoele, party van julle amper op sterwe, veronderstel ek, sommige wat daarbuite in die gehoor sit, nie 'n kans het om te lewe behalwe God nie, onthou net, wat ek hier sê, ek moet julle ontmoet met daardie boodskap by die Oordeelsdag en rekenskap gee daarvoor.

29 Wat sou dit my baat om hier te wees, weg van my familie en geliefdes? Wat—wat sou ek hier doen? Ek vat nie geld nie, dis nie gewildheid nie, dis. . .Ek nie. . .Ek vermy dit, julle weet dit. So waarvoor—waarvoor is dit? Dis omdat God vir my gesê het, my gestuur het, en my in die Skrif gewys het, en dit bevestig het deur 'n Engel van die Here, dat ek gebore is om vir siek mense te bid. En omdat ek God liefhet, en Sy kinders liefhet, dis hoekom ek vanaand hier is. Presies reg.

30 Nou, by die Oordeel sal ons dit almal trotseer. Daar's waarskynlik vyftienhonderd mense hierbinne vanaand, reken ek, soveel. (Verskoon my?) Ek's—ek's 'n baie swak teller, hy sê daar's omtrent negentienhonderd. Ek—ek—ek sal dit liewer minder maak, daar's soveel evangelistiese tellings wat dit soveel meer probeer maak as wat 'n skare is. Ek het voor vyfhonderdduisend op een slag gepreek in Bombaai, Indië. En in Durban, Suid-Afrika, is dit bespreek waar daar 'n honderd vyftig, tweehonderdduisend was. Honderd vyftig, tweehonderdduisend mense is niks in daardie lande nie, in Thailand en plekke soos daardie waar jy. . .die mense regtig uitkom, en jy hulle by die tiene van duisende en duisende sien.

31 Dit, dit beteken nie, die skares beteken niks nie, dis die geloof wat daar in die individu is, wat tel. Sien? Jesus kon nooit die gehoor hê van een van die—die priesters, of die Kajafas, of party van daardie mense nie, enige van ons kon ook nie in godsdienstige kringe ooit 'n groter byeenkoms hou as die Katolieke kerk nie, julle weet dit. Maar dit is nie in. . .Ons plaas te veel klem op hoeveel mense, en probeer iets opwerk, moenie enigiets opwerk nie, wees net—net eerlik daaroor, vertel die waarheid, dan is jy altyd reg.

32 En wanneer julle van genesings gaan praat, moenie probeer sê: "Ek het *iets* in my hand, voel dit?" Wel, jy mag jou hand voel, maar genesing is nie in jou hand nie, dis in Gólgota, dis in jou geloof, waar dit volbring is op Gólgota. En laat die mense. . .

Dis . . . En as jy 'n sondaar is, bekeer, sê vir God dat jy jammer is jy's 'n sondaar, en jy's siek (Miskien, partymaal moet Hy jou op jou rug lê, so om jou te kry om *op* te kyk, sien.), en maak dan reg met God, en dan sal alles reg wees, jy sal 'n groter kans hê om genees te word as jy dit sou doen.

33 Nou, ek weet dis warm, en ek gaan probeer om net so kort te wees as wat ek kan, sodat ons vir die siekes kan bid. Nou, al julle mense wat verstaan dat dit *julle* geloof in Jesus Christus is wat julle genees, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Verstaan.

34 Nou, daar's gawes in die Bybel, en daardie gawes, wat doen hulle? Hulle verklaar net die Teenwoordigheid van die Een wat die gawe gemaak het. Nou, as Jesus hier gestaan het vanaand, Self, op die platvorm, en jy het geweet dat—dat, Hy sou neerdaal uit die Hemel, en jy het geweet dit was Hy, en Hy het hier gestaan, sou dit jou geloof versterk? Sekerlik, dit sou. Wel, Hy *is* hier.

35 Jy sê: "Hoe weet ek Hy is?" Wel, dan, as Hy dieselfde ding hier in ons doen . . . Nou, Hy het nie enige hande nie. Hoeveel weet dit? Nee. Hy . . . Sy Hande, julle hande is Sy hande. Ons, Hy is die Wynstok, ons is die lote, en die Wynstok dra nie die vrugte nie, die loot dra. Maar as die loot bekragtig word met die Lewe van die Wynstok, sal dit dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het, dan weet jy dis Hy.

36 Hy het gesê: "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie," (natuurlik, die woord daar, *kosmos*, wat beteken "die wêreldorde,") "maar julle sal My sien," dis die gelowige, "want Ek sal met julle wees," hoe lank? "tot die einde van die voleinding," die einde van die wêreld. "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." En nou, aan die . . . mag toeskouers wees, ek nie . . . hoop daar's nie een van hulle hier vanaand nie, maar as daar is, moenie 'n, net 'n toeskouer wees nie, sit jou geloof by hierdie gelowiges. Sal julle dit nie vanaand doen, ter wille van hierdie arme, siek mense nie?

37 En onthou, toe Jesus na Sy Eie land toe gekom het, luister wat die Skrif sê: ons haat dit om Dit so te lees, maar Dit sê so: "Baie magtige werke kon Hy nie doen nie." Jy kan skaars dink aan Christus wat nie in staat is om dit te doen nie, maar Hy kon nie. Hy kon dit nie doen nie, as gevolg van hulle "ongeloof." Wat het Hy vir die seun met die epilepsie gesê, of, vir sy vader? "Ek kan, as jy glo, want alle dinge is moontlik vir hulle wat glo."

38 Wat 'n vreugde sou dit wees, vanaand, om man na man te sien uitkom uit hierdie rolstoele, persoon na persoon wat hier op sterwe lê op hierdie beddens, opstaan in blakende gesondheid en uitstap! Sou dit nie wonderlik wees nie? Diegene daarbuite . . . Hier sit 'n jong dame, 'n pragtige jong dame, ek het haar dopgehou gisteraand, wat hier gesit het, gekluister aan 'n rolstoel gesit het, hier is 'n klein seuntjie wat hier lê, met sy maag heeltemal toegedraai, en sy handjies, en miskien sy moeder wat

hom waai, en hoe daardie moeder se hart sou bokspring van vreugde, hoe daardie dametjie sou voel, om te weet dat iets haar getref het!

39 Nou, dit hoef nie spontaan te gebeur nie. Nee, nee, nee. Enigste ding wat moet gebeur, is iets wat in jou hart gebeur dat jy dit glo. En wanneer jy dit glo. . . Nou, daar is so-iets soos 'n mosterdsaad-geloof, jy het Jesus daarvan hoor praat.

40 Nou, 'n mosterdsaad is die kleinste van die sade, waarvan Hy gepraat het. Maar waarom het Hy dit gesê? Jy kan nie mosterd verbaster nie, dit sal met niks kruis nie. Dit. . . Jy kan boerenkool verbaster, en 'n raapknop kry, ensovoorts, maar jy kan nie mosterd verbaster nie, dit sal nie kruis nie, nee, meneer, dis egte mosterd. En as jy net. . . as jy yslike groot geloof het, sal daar 'n wonderwerk gebeur, maar as jy net 'n klein bietjie geloof het, en dis egte mosterdsaad, kyk hoe dit jou reguit uitbring deur elke geval, en jou reguit uitbring. Sien?

41 So, nou, moenie oplet wat nou met jou gebeur nie, maar ek wil hê jy moet probeer om wonderwerkgeloof te hê, of geloof om genees te word. Ek gaan geloof vir julle hê, en alles doen wat ek kan om julle te help om geloof te hê, deur julle geloof te stel. . .

42 Nou, ek wil hê ons moet ons hoof net 'n oomblik buig, en die Outeur nader, voor ons Sy Woord nader.

43 Genadige Vader, die uur het aangebreek dat wanneer ons hierdie Woord tot 'n konfrontasie moet bring, ons God by 'n toets moet bring, soos daar geskryf staan in die Boek van Maleági, sê die Here: "Beproef My," sê God. Wat 'n uitdaging! "Beproef My." Daar staan geskrywe dat ons alle dinge moet beproef. En ons lees in die Bybel dat daar geskryf staan dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en dat Hy die Kerk belowe het dat wat Hy gedoen het, Hulle sou doen na Hom. Ons word deur die profete vertel dat daar 'n dag sou wees wat nie nag of dag sou wees nie, wat nie een van die twee genoem kon word nie, 'n somber dag, maar dat dit, in die aandtyd, Lig sou wees.

44 Vader, ons weet dat beskawing saam met die son gereis het, vanaf die ooste na die weste gekom het, die vroeë setlaars, ensovoorts. Nou, het die ooste en weste ontmoet, dieselfde son wat in die ooste opkom, sak in die weste. Ons het 'n dag gehad, Vader, waar ons groot dinge gedoen het deur U genade, ons mense gelei het om in U te glo, vandat daardie môre Seun afgeskyn het op die oosterse mense, en daaruit 'n Pinkster-gevulde Kerk voortgekom het, met tekens en wonders, met die Seun van God wat in hulle woon, op die oosterse mense.

45 Nou, op die. . . Hulle was die Jode en die Samaritane, en die Grieke, maar in die. . . Heidense mense is die westerse mense. En U het gesê dit sal Lig wees in die aandtyd. Ons het genoeg lig gehad in hierdie somber dag om groot organisasies te maak, en groot teoloë op te rig, mense wedergebore te laat word uit die

Gees van God, maar U het belowe dat daardie selfde Seun sou skyn op die westerse mense, en dit sou gebeur in hierdie dag dat ons Here Homself bekend sou maak, Jesus het dit belowe, net soos Hy toe was, en daar sou ’n—’n laat reën wees, en dit sou verskyn en wees soos die vroeë reën, en beide vroeë en laat reën sou saam wees. Ons weet ons het baie vals name en sektes gehad wat daardeur uitgegaan het, onder dit, maar steeds bly die Woord van God waar.

46 Nou, Hemelse Vader, ons bid dat U onfeilbare Woorde, wat nie kan faal nie. . . Mag U Uself as lewendig bewys, vanaand, onder ons, deur die dinge te doen en te doen wat U gedoen het toe U op aarde was, omdat U dit belowe het. En U het gesê, toe U op aarde was, het U niks gedoen, tensy die Vader U eers gewys het nie. Ons bid dat dit onder ons sal plaasvind vanaand, en ons die Here God Jehova sal sien, waarvan ons almal aanbidders is, mag Hy voortkom in Sy groot krag, en Sy heerlikheid laat skyn in elke somber hart, geloof voortbring, Lewe.

47 Ons bid dat elke kerk wat hier verteenwoordig word, van hier af mag gaan, vanaand, met ’n vars visioen, en ’n herlewingsgees uitbreek in hierdie land, en in die skole, dat daar dag en nag gebed sal wees, en honger en dors. Mag die sout wat ons lewe geur, kom, vanaand, en ons almal dors maak om soos Hy te wees. Ons vertrou nou die diens toe aan Hom, die Outeur Wat gesê het Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, mag Hy kom uitskyn deur Sy Woord, en dan die Woord laat skyn in die mense, en ons sal Hom daarvoor prys met nederige harte, geboë hoofde. In Jesus’ Naam, Sy Seun, vra ons dit. Amen.

48 En in die heilige Voorlesings van Matthéüs se Evangelie, die 14de hoofstuk en die 27ste vers, het ek hierdie gekies vir ’n dramatjie vir vanaand. En ek sal vra dat julle aandagtig en stil sal luister, sodat almal aan die agterkant en rondom mag hoor, want dis moeilik, en die gebou warm. Maar ek wil dit in ’n drama maak sodat, die, hierdie kêreltjie hier, en—en die—die kleintjies baie duidelik kan verstaan.

> *Maar Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê, Hou goeie moed; dit is Ek; wees nie bevrees nie.*

49 Ek wil vir ’n teks neem, *Wees Nie Bevrees Nie, Dit Is Ek*.

50 Nou, dit moes omtrent die tyd gewees het wat die son ondergegaan het, dit was ’n verskriklike dag, warm, die skares het van oral af gekom en vergader, en almal was moeg en uitgeput, en die son het ver gesak in die weste toe die diens geëindig het. En ek kan die groot, gespierde rug van die groot visserman sien soos hy die boot van die Galilése oewer af begin skuif het, op die walle van die gruis, soos hy dit in die water ingestoot het, en die mense wat op die oewer staan en wuif, vir hulle almal sê: “Kom terug om ons weer te sien.”

51 En so gou as wat die boot uitgestoot is. . . 'n Skip genoem in daardie dae, wat 'n groot boot was wat gewoonlik 'n seil daarop gehad het, en wanneer die winde gewaai het, kon hulle hulle reis vinniger maak met seil as wat hulle kon met roeispaan. En in die boot was daar. . . 'n roeier het aan elke kant gesit en partymaal ses, of agt geneem, of miskien meer, roeiers om te roei, want dit was eintlik 'n vissersboot.

52 En hierdie dag was die wind stil, soos dit gewoonlik maak by die ondergang van die son, en die blou Galiléa was pragtig en kalm. En soos die brandertjies begin dryf het, soos die groot visserman afgeklim het tussen die broers en gaan sit het langs Andréas, sy broer, het sy roeispaan opgetel, die sweet uit sy gesig gevee, weer teruggewaai na die gehoor, soos die duisende op die oewer gestaan en waai het, en huil van vreugde oor wat hulle gedurende die dag gesien het. Elke nou en dan sou die roeiers stop en weer waai, soos hulle op die oewer, wat waai, "Kom terug en sien ons weer, want ons oë het groot dinge vandag gesien."

53 Daar's iets daaromtrent, dat wanneer. . . Mense wil altyd agter die gordyn kyk, waar hulle vandaan kom, en wie hulle is, en waarheen hulle gaan, en daar's net een Boek, van al die geskrifte wat ons het, wat dit vir ons vertel, dis hierdie Bybel. Dit sê vir ons waar ons vandaan kom, wie ons is, en waarnatoe ons gaan. En toe hulle die Outeur van daardie Bybel gesien, en geweet het dat Dit waarlik die Jehova was Wat die skepping geskape het, was hulle so bly daaroor, hulle wou hê hulle moes weer terugkom.

54 En soos hulle verder geroei het deur die—die skemer, en uiteindelik so ver uit dat hulle nie verder kon sien nie, toe het hulle vaarwel gewuif, en miskien die laaste vaarwel, en hulle het uit sig verdwyn, soos die skippie sy pad gemaak het met die brandertjies agter dit, soos die roeiers dit in die dieptes van die duisternis van die Galiléa ingestoot het, na hulle 'n rukkie geroei het, moes dit die jong Johannes gewees het, jong mans is gewoonlik vol entoesiasme soos 'n student, hy het gestop, moes hy gewees het wat gestop het, en gesê het: "Broers, ons is nou ver uit in die see. Ek begin 'n bietjie moeg word, so kom ons stop, net vir 'n oomblik, en rus." En elke man wat gestop het, die groot roeispaan in die boot ingetrek het, begin om die sweet van hulle voorkop af te vee.

55 Jong Johannes het vir 'n oomblik gesit, hy het gesê: "Broers," hy moes iets soos hierdie gesê het, "ons kan beslis verseker wees, dat maak nie saak wat ons priester gesê het, en wat die meerderheid van die mense dink nie, ons volg nie een of ander fanatikus nie, ons volg die Seun van God. Ek het 'n bietjie getwyfel, tot vandag. Maar toe ek daardie vyfduisend mense sien, wat verlang het om Hom 'n paar woorde te hoor sê, en uitgekom het in daardie warm son, daardie moeders met daardie babatjies, en hoe geduldig hulle gesit het, diegene wat die kreupeles gehad het, en die verlamdes, en die blindes, hulle koel gewaai het,

probeer om te hoor wat Hy te sê gehad het, toe, toe hulle... die vraag gekom het oor kos, en ons hierdie seuntjie gekry het, wat waarskynlik stokkies gedraai het by die skool, en 'n klein, vyf broodjies en twee vissies gehad het, wat...Hy het geroep, en hulle almal laat sit."

56 Hy mag iets soos hierdie gesê het: "Ek het op 'n rots agter Hom geklim, om net te wonder wat Hy sal doen, want ek het, ietwat in my hart, dit geglo, maar dit was—dit was so werklik, dat ek dit skaars kon begryp, om 'n Man te wees wat saam met ons geëet het, en saam met ons geslaap het, en saam met ons gewandel het, en met ons gepraat het, en net 'n gewone Man was. En ek het Hom opgelet, toe Hy daardie broodjies in Sy hand geneem het, daardie broodjies, Hy het hulle gebreek, en hulle uitgedeel aan ons broers, en sodra daardie hande agtertoe uitgereik het, het daar nog 'n stukkie brood daaraan gegroei, waar Hy afgebreek het."

57 Ek wil graag die wetenskaplike onderwyser van hierdie skool vra, of watter skool ook al, watter soort atoom Hy vrygestel het? Nie koring nie, maar gekweekte koring, gemaal, geknie, gebak, en gereed om te eet. Wat het Hy gedoen? En toe Hy daardie visse gebreek het, het 'n vis bevrug, gebore, grootgemaak, gekrap, skoongemaak, en gebraai, en was daar binne 'n sekonde, toe Hy uitgereik het daarna, wat het Hy gedoen?

58 "En toe hulle vyf broodjies geneem het, en vyfduisend mense gevoed het met vyf broodjies, en mandjies vol opgetel het," ek kan jong Johannes hoor sê: "dit het al die twyfel van my weggeneem. Want ek onthou dat my Joodse moeder altyd vir my gesê het, o, ek kan onthou haar mooi, groot, bruin oë wat na my gekyk het, en sê: 'Johannes, my seun, ek wil met jou praat oor Iets wat werklik is wat eendag iets vir jou sal beteken. Van alles wat jy ooit doen, Johannes, is my ambisies dat jy iets groot moet wees, maar bo alles wil ek hê jy moet 'n gelowige in Jehova wees, soos ek en jou vader is, en probeer om jou groot te maak.'

59 "En ek onthou, as 'n klein seuntjie, toe my ogies sou opkyk na hare, en sy sou sê: 'Johannes, toe God Jehova Sy volk uit Egipte uitgebring het, buite in die wildernis waar hulle niks gehad het om te eet nie, het Jehova elke aand brood uit die Hemel laat reën, en al Sy kinders gevoed.'

60 "En, broers, in hierdie getuienisdiens, sou ek my moeder vra, 'Moeder, het God 'n groot klomp Engele wat professionele bakkers is, en het Hy 'n yslike groot lug daarbo vol oonde, en elke aand sou Hy daardie brood bak, en dit afbring met die Engele, en dit alles op die grond neersit? Is dit hoe Hy dit gedoen het, Mamma?'

"Sy sou sê: 'Nee, Johannes, jy's net 'n klein seuntjie, so jy verstaan nie. Jehova is 'n Skepper, Hy het net die Woord gespreek, en die brood het afgekom.'

61 "Nou, my broers, vanmiddag toe ek 'n Man gesien het Wat saam met ons aan tafel eet, Wat dieselfde soort klere dra wat ons dra, Wat huil wanneer ons huil, drink by dieselfde fontein wat ons drink, Sy voor en teëspoed en verbouereerdhede het, soos ons het, maar toe ek Hom daardie broodjie sien neem het, dit vyfduisend keer breek, het ek geweet Hy was geassosieer met Jehova. Hy was daardie selfde Jehova wat my moeder vir my gesê het wat brood uit die Hemel gebring het, want hier het Hy dieselfde ding gedoen wat Jehova gedoen het. Hy was nie . . .

62 "Vir my, van nou af," het Johannes gesê: "is Hy meer as 'n mens, Hy's Jehova, want Hy doen die werke van Jehova. En nou, onthou ons nie dat Hy gesê het: 'As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie, as julle nie My leer kan glo nie, glo dan die werke wat Ek doen, en as Ek nie dieselfde werke doen wat Jehova gedoen het nie, moet My dan nie glo nie'? En daar het Hy dieselfde werk gedoen wat Jehova gedoen het, en net Jehova kon dit doen."

63 So aan mense, vandag, wat leer dat Hy niks anders as 'n goeie man was nie, of net een of ander profeet, daardie sosiale Evangelie sal nie werk nie, Hy was God, die Skepper, verteenwoordig in 'n liggaam wat Jesus Christus genoem word, die Seun van God. Johannes het gesê: "Dit het dit vir my afgehandel."

64 Wel, natuurlik, julle weet Simon, hy moet ook altyd sy deeltjie bydra. Hy was 'n onkundige man, het die Bybel gesê, ongeleerd. Hy het nie 'n geleerdheid gehad nie, 4de hoofstuk van Handelinge sê dit, of, die 3de hoofstuk van Handelinge, glo ek, gesê dat hy en Johannes beide onkundig en ongeleerd was; Daar is vir my gesê dat hy nie eens sy eie naam kon teken nie. Maar Jesus het hom die sleutels van die Koninkryk gegee, omdat hy die openbaring gehad het van Wie Hy was.

65 Hy het iets gehad om te sê, Hy het gesê: "Wel," ek kan hom sy arm om Andréas sien sit, sy broer, en sê: "Andréas, ek onthou toe jy my altyd kom vertel het van een of ander wilde kêrel wat uit die wildernis gekom het met die naam van Johannes, wat die mense met water gedoop het, gesê het dat 'n Messias sou kom. Wel, nou, as . . . Natuurlik, kon ek nie so-iets soos daardie glo nie. Maar eendag het Andréas my oorreed om na hierdie Man te kom luister, en om te sien of Hy regtig die Messias was." En hy het gesê: "Ek is geleer deur My vader . . . "

66 Nou, ek wil net graag 'n klein stelling hier maak. Laat ons hom net dramatiseer vir 'n oomblik. Ek kan Petrus hoor sê: "Julle weet dat ek 'n Fariseër was. My vader was een van die hoofmanne van daardie Fariseërkerk, en my pa het vir my gesê eendag toe ons klaar die net ingetrek het, 'Simon, ons het ons lewe gemaak, dag vir dag, van hierdie meer.'" Nou luister goed. "Ons het ons lewe gemaak, en, ek en vader, en moeder, en Andréas, en almal,

sodat ons elke oggend vis sou vang, het ons gebid dat God ons ons daaglikse brood sou gee, ons ons vis sou gee.

67 "Eendag toe Pa ingekom het, en my op die boeg van die boot neergesit, en gesê het: 'Simon, my seuntjie, Pappa het altyd geglo dat die Messias eendag in my dag sou kom, al ons Joodse mense het daarna gesoek. Maar miskien sal ek Hom nie sien nie, ek word te oud. Maar, Simon, wanneer Hy kom, sal daar 'n klomp goed uitgaan voor Hy kom wat die hele land sal verwar, daar sal valse Messiasse wees, en alles kom, maar, Simon, ek wil hê jy moet geleer word.'"

68 O, hoe dit goed sou wees as ons Amerikaanse mense ons kinders sulke dinge sou leer, in plaas van klopdans, en ruk-en-rol, en die goed wat ons so doen vandag, en hulle net by die kerk laat aansluit, maar vir hulle sê waarna om te kyk!

69 Nou, gesê: "'Simon, wanneer Hy kom, het ons profeet Moses gesê dat Hy 'n Profeet sal wees, "Die Here julle God sal 'n Profeet oprig soos ek." En ons as Hebreërs is bekend om te glo dat God se Woord kom deur die profeet en niks anders nie. Nou, ek wil hê jy moet onthou, Simon, wanneer Hy kom, sal Hy hierdie Profeet wees.'

70 "En toe ek die eerste keer voor Sy aangesig ingeloop het. . . " Luister goed, Simon wat getuig. Hulle het nou 'n getuienisdiens, buite op die Galiléa. En gesê: "Toe ek eerste keer voor Sy aangesig ingeloop het, toe hierdie Man my in die gesig gekyk het, het Hy gesê: 'Jou naam is Simon, en jy's die seun van Jona.' Nie net het Hy my naam geken nie, maar Hy het daardie goddelike, ou vader van my geken. Dit het dit vir my afgehandel, ek het geweet Hy was die Messias, dit het dit vir my afgehandel."

71 Filippus het gesê: "Kan ek getuig, broers?" So, hy het gesê: "Ek het gestaan, en dit gesien, nou, Natánael, moenie sleg voel nie, maar ek hardloop om vir Natánael te vertel, want ek het geweet dat Natánael 'n Bybelstudent was. So ek het om die berg gehardloop om Natánael te kry, en ek het gesê: 'Natánael, kom kyk vir Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, die seun van Josef.'" En hy mag dit gesê het: "Natánael, weet jy waar ek jou gevind het?"

"Ja, ek was onder een van my vyebome, besig om te bid."

"Ja." En hy het gesê: "Kom, kyk Wie ons gevind het, die. . . Jesus van Násaret, die seun van Josef, dis die Profeet wat Moses vir ons gesê het sou kom.

72 "'O, nou!'" het Natánael gesê. "'Nou, Filippus, jy het—jy het aan die diep kant afgegaan. Wel, as die Messias sou kom, sou Hy eers na Kajafas moes kom, of Hy sou na ons kerk toe moes kom. As Hy—as Hy ware Messias was, julle weet Hy sou na ons Fariseërs toe moes kom, dis al wat daaraan is. Maar net om te sê Hy sou uit Násaret kom, 'n klomp holy-rollers!'" Verskoon my, ek moes dit nie gesê het nie. Sien? Verskoon my, ek het nie—ek het

dit nie bedoel nie. Sien? "'Hy sou nie deur 'n klomp mense soos *daardie* kom nie. As Hy ooit enigiets gedoen het, sou dit onder ons slimmer mense wees, as Hy dit gedoen het.'" Maar julle sien, God doen wat Hy wil, dis Sy besigheid. En hy het gesê: "'Niemand sou so kom nie.'"

73 Hy, en Filippus het hom een van die beste antwoorde gegee wat enige mens kon gee, hy het gesê: "Kom, kyk vir jouself." Nou, dis 'n goeie idee. "Moenie by die huis bly en kritiseer nie, kom, vind uit vir jouself, en ondersoek die Skrifte, want die Messias sal beslis Skriftuurlik wees. Kom, vind uit vir jouself."

74 En toe op die pad om, kan ek hulle net hoor praat, en hy het gesê: "'Onthou jy wat, ons gegaan en 'n bietjie vis gekry het daardie keer, en die ou visserman kon nie sy naam daarop teken nie, daardie kêrel wat Simon genoem word?'

"'Ja, ek onthou.'

"'Toe hy in die Teenwoordigheid van hierdie Messias ingeloop het, het Hy vir hom gesê sy naam was Simon. En onthou jy sy pappa?'

"'Sekerlik.'

"'Wat was sy naam?'

"'Jona.'

"'Goed. Hy het gesê: "Jy is die seun van Jona." Nou, Natánael, jy is 'n Skrifstudent, wat sal die Messias wees wanneer Hy kom?'

"'Hy sal 'n Profeet wees.'

"'Wel, vervul dít dit?'

"'O, ja, as Hy dit kon doen, maar ek glo nie Hy sou dit doen nie.'

Ek kan Filippus hoor sê: "'Dit sal my nie verbaas as Hy gaan sê wie jy is, wanneer jy opkom nie.'"

75 Toe nader gestap, en hulle het in die Teenwoordigheid van die Here Jesus ingekom, en Jesus het rondgekyk en hom gesien, "Hy het gesê: 'Kyk, 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie.'" Nou, sê julle, want, hy was aangetrek. Nee, alle oosterlinge het dieselfde aangetrek, hulle het 'n baard gehad, tulband, en alma- . . . donker geklee. "Gesê: 'Kyk, 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie.'

"Hy het gesê: 'Rabbi,'" (*rabbi* beteken "leraar,") "'wanneer het U my ooit gesien? Ek's 'n totale vreemdeling vir U. Wanneer het U my ooit gesien?

"Hy het gesê: 'Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was,'" vyftien myl om die berg: "'het Ek jou gesien.'

"Hy het gesê: 'Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel.'

"Onthou julle wat die Fariseërs, en die leraars gesê het, wat daar gestaan het? Gesê: 'Hierdie man is Beëlsebub, hy's 'n fortuinverteller.'

76 "Jesus het gesê: 'Ek vergewe julle daarvoor, maar eendag kom die Heilige Gees om dieselfde ding te doen, en julle een woord Daarteen spreek, sal dit nooit vergewe word nie.'" Dis vandag.

77 Nou, wat 'n getuienis! Dan moes dit Andréas gewees het, soos ek 'n bietjie nader gekom het aan my getuienisse, het Andréas gesê: "Kan ek net 'n oomblik getuig, broers? Onthou julle die dag wat. . .?" Nou, dit word donkerder en donkerder, die aandster het uitgekom. En—en so, gesê: "Kan ek 'n klein getuienissie gee?"

78 Gaan die dame net uit, sy moet. . .? Gaan uit, sal sy terug wees binne 'n paar oomblikke? Goed. Ek sou sê, as sy. . .moet haar nie laat weggaan sonder om voor gebid te word nie, ons wil hê almal moet voor gebid word.

79 So, nou, gesê: "Onthou julle daardie dag wat Jesus, ons Here, gesê het dat Hy moes afgaan na Jérigo?" Nou, van Jerusalem na Jérigo, as julle ooit daar was, is reg teen die berg af, maar Hy moes deur Samaria gaan. Hoekom? Die Jode het dit gehoor, en die Samaritane het dit nie gehoor nie.

80 Nou, die Heidene het nie na enige Christus gesoek nie. En laat ek iets net hier vir julle sê, julle siek mense: Hy kom net na hulle toe wat na Hom soek. Wanneer jy van Hom praat, soos op die pad van Emmaüs af, en. . .Hy kom net na hulle toe wat Hom glo, Hy sal nooit niks te doen hê met 'n ongelowige nie. Hy kom net. . .En Heidene, ons het afgode aanbid in daardie dae.

81 En daar's net drie rasse mense, dis Gam, Sem, en Jafet se mense, dis waar die hele menslike ras vandaan gekom het, en dis Jode, Heidene, en Samaritane. Kyk na Petrus met die sleutels, het dit oopgemaak by Pinkster, dit oopgemaak vir die Samaritane, het dit oopgemaak by die Heidene, en toe was sy vry vir die wêreld. Sien?

82 Nou, en so, nou let ons op, gesê: "Hy het ons daar na die stad Sigar toe gestuur, om iets te kry om te eet, 'n bietjie lewensmiddele. En onthou julle toe ons gekom het, ons verras was? 'n Vrou met die merk van prostitusie op haar was op haar pad na die put, en daar was niemand daar nie. So ons het gedink ons sal net sien wat sy vir ons Meester gesê het, en kyk wat Hy gedoen het toe Hy 'n vrou ontmoet het, so ons het weggekruip in die bosse." Nou, luister goed na die ges-. . .die getuienis. "En die eerste ding wat gebeur het toe Hy nadergestap het. . .sy het nadergestap om die ketel, die pot, te laat sak, vir 'n bietjie water, het die—die pot soos *daardie* begin oplig, wel, Hy het gesê: 'Vrou, bring vir My water om te drink.'

"En ons het gedink: 'Wel, het ons ons Here gelos sonder water om te drink?'

"En sy het gesê: 'Wel, ons het segregasie hier, julle Jode behoort nie Samaritaanse vroue sulke goed soos daardie te vra nie.

"Hy het gesê: 'Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink, Ek sou vir jou water gee wat jy nie hier kom skep nie.'

"Gesê: 'Wel, U het niks om mee te trek nie.'

83 "Julle onthou, die gesprek het voortgegaan, en ons het geluister. En naderhand het Hy haar reguit in daardie groot, bruin oë van haar gekyk, en gesê: 'Gaan, kry jou man, en kom hiernatoe.' En die vrou het botweg ontken dat sy 'n man gehad het.

84 "En ons het gedink: 'Uh-oh! O, hier's 'n glips. Wat gaan Hy nou doen? Hy sê vir die vrou dat sy 'n man het, en gaan haal haar man, en sy sê sy het nie 'n man nie.' Julle onthou, broers, hoe ons na mekaar gekyk het?

85 "En toe het ons ons Here opgelet op Sy stil manier, soos Hy haar in die gesig gekyk en gesê het: 'Jy het reg gesê, want jy het vyf mans gehad, en die een met wie jy nou saamlewe, is nie jou man nie, en jy het reg gesê.' En daardie vrou, het julle onthou, broers, wat sy gesê het?"

86 Hoeveel het haar getuienis verskil van die predikers van daardie dag! Die predikers het gesê: "Hy's 'n fortuinverteller, 'n duiwel, Beëlsebub." Enigiemand weet dat fortuinvertel van die duiwel is. En dis waarom Jesus gesê het om dit te sê, om die Heilige Gees wat werk 'n fortuinverteller te noem, of 'n duiwel, godslastering was van die Heilige Gees, en onvergeeflik was, die Gees van God 'n duiwel te noem.

87 So toe het hy gesê: "Daardie vrou het Hom in die gesig gekyk, en sy in haar toestand, 'n sondaar," (Ek hoop nie ek maak enigiemand seer nie, maar ek moet iets sê, en as 'n prostituut, wat gelewe het by vyf mans, ses mans, sy het meer van die Bybel geweet as wat die helfte van die geleerdes in hierdie volk weet.) "wat het sy gesê? Sy het reguit na Hom gekyk, sy het gesê: 'Meneer, ek sien dat U 'n profeet is,'" nie *Beëlsebub*, soos die predikers gesê het nie, maar 'n *profeet*. "Gesê: 'Ons weet, ons Samaritane, ons weet dat wanneer die Messias kom, Hy ons al hierdie dinge sal vertel, dis die teken van die Messias, wanneer Hy kom. Ons weet, Jesus, Wie,'" ek bedoel: "'Messias, Wie die Christus genoem word, Hy sal vir ons hierdie dinge vertel, dis die teken wat Hom sal volg, want Hy's 'n Profeet, en U moet ook 'n profeet wees. Maar die Messias, ons het nie 'n profeet gehad vir honderde en honderde en honderde jare nie, so, maar wanneer Hy kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel, U moet Een van Sy diensknegte wees.'

88 "Jesus het gesê," en die enigste Een wat dit ooit kon sê, of dit ooit sal sê: "Hy het gesê: 'Ek is Hy,'" amen: "'na Wie jy kyk, Ek is daardie Messias.'

89 "Sy het daardie waterpot laat val, sy het toe iets interessanter gehad, as die waterpot, in die stad het sy ingegaan, en hier is wat sy vir die manne van die stad gesê het: 'Kom, sien 'n Man wat my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?'"

90 Wat sou hulle vandag sê? "Verstandstelepatie, sielkunde, gedagteleser, fortuinverteller." Geen wonder ons het 'n atoombom met ons naam daarop nie. Jy moet verwerp—jy moet genade verwerp, en daar's niks oor behalwe oordeel nadat jy genade verwerp het nie, dis reg, jy stap oor die grenslyn. Jy doen dit so eenvoudig, baie mense dink hulle moet iets *groots* doen.

91 Wel, as hulle net geweet het wie Johannes was! Jy weet nooit wie is wie, totdat hulle dood is nie. Hy kom na die uitverkore Kerk, en dis die enigste Een wat Hom ken. Ek daag julle uit om terug te gaan deur die Bybel en enige profeet te vind aan wie hulle nie dieselfde ding gedoen het nie. Jesus, hulle het nie geweet Wie Hy was totdat Hy dood was, begrawe, en weer opgestaan het nie.

92 Laat ek julle Katolieke mense iets vra: Wat van julle—julle heiliges? Wat van Johanna van Arkel? Julle was so onfeilbaar. Wat het julle priesters aan daardie vrou gedoen? Sy was 'n profetes, sy het visioene gesien, sy het vir die siekes gebid en hulle is genees, en wat het julle kerk gedoen? Julle het haar op die brandstapel verbrand as 'n heks. O, natuurlik, het julle julle fout gesien 'n honderd-en-vyftig jaar later, en het julle boetedoening gedoen, daardie priesters se liggaam opgegrawe en dit in die rivier gegooi, dis *groot* boetedoening. Dit gaan reg oor die kop van die wyses en verstandiges, totdat dit verby is, en dan is hulle alreeds in die oordeel.

93 Laat ek vir julle sê, kerk, die ware Heilige Gees is hier in hierdie volk, vanaand, in hierdie wêreld, vanaand, julle moet Dit nie oor julle kop laat gaan nie, erken Dit nou. Genesing is hier vir jou, die Heilige Gees, vergifnis van sondes, al die voordele van Gólgota is vir jou, moenie daarby verbygaan nie. Moenie jouself afsluit op een of ander denominasionele doktrine en vergeet om na die Bybel te kyk nie, kyk of hierdie nie die dag is wat ons veronderstel is om hierdie dinge te sien nie. Moenie 'n klomp ongeletterde predikers oplet, miskien, soos ek, wat Dit probeer verduidelik nie, maar kyk na wat die Bybel sê, en kyk wat Dit doen. As Dit die Gees van God is, sal Dit optree soos die Gees van God, Dit sal die dinge doen wat die Gees van God gedoen het, as dit nie, dan is dit nie die Gees van God nie.

94 As ek die doop van die Heilige Gees preek, dat Jesus opgestaan het uit die dood, en God dit nie bevestig met dieselfde werke wat Jesus gedoen het nie, dan is ek 'n leuenaar. Maar as ek—as ek daardie boodskap preek en God draai om en doen dieselfde ding, as ek nie eens 'n—'n laerskoolopleiding het nie, watter verskil maak dit? Dis God wat iets gebruik, Hy kan 'n stok gebruik as Hy wil, Hy kan enigiets gebruik wat Hy wil, Hy's God.

95 Nou, laat ons nog een laat getuig, sal julle? Dit moes Broer Matthéüs gewees het, wat gesê het: "Ek weet dit word 'n bietjie laat, broers, maar kom ons laat my getuig." Gesê: "Onthou julle toe ons daar in Jérigo gekom het die dag, onthou julle daardie klein Broer Saggéüs daaronder? Hy was 'n sakeman, 'n belastinggaarder. Ons het altyd gedink hy was 'n klein skelm," verskoon daardie uitdrukking, ek het dit nie so bedoel nie: "net 'n klein afvallige. Maar, julle weet, ons Suster Rebekka, sy was 'n gelowige in Hom, sy het die Here Jesus geglo. En julle onthou hoe sy al die vroue gevra het om onder in Jérigo te bid, toe ons gehoor het van Jesus wat afgegaan het om 'n veldtog te hou?

96 "En toe Hy daaronder in Jérigo gekom het, het klein Saggéüs ons later vertel, julle weet: een oggend het hy vroeg opgestaan, hy het geweet Jesus sou kom, so hy het soontoe gegaan. En hy was 'n klein, kort kêreltjie. So, hy het naby aan die poort gestaan waar Hy moes inkom, by die suidpoort, en hy het opgelet hy was te klein, hy kon Hom nie sien nie. Hy het gesê: 'Wanneer ek ook al daardie Kêrel sien, gaan ek daardie Holy-roller net die waarheid vertel!'"

97 Onthou, Hy is 'n ketter genoem, Hy is 'n kranksinnige persoon genoem, "Ons weet dat jy mal is, en 'n duiwel het." Is dit reg? Wat beteken *mal*? "Kranksinnig." "Ons weet dat jy 'n Samaritaan is, jy is mal, jy het 'n duiwel op jou, dis wat al hierdie dinge doen, jy's 'n duiwel en mal. Jy sluit nie by ons organisasies aan nie, so ons weet jy's 'n duiwel." Nou, daardie gees lewe steeds.

98 Nou, ons let op dat hy gesê het: "Ek sal net wag. Rabbi Lavinsky . . ." Ek hoop nie daar's 'n Rabbi Lavinsky hier nie. [Leë kol op band—Red.]

99 ". . .?. . .Jehova verwag net van jou om kerk toe te kom, en jou tiendes te betaal, en 'n goeie lewe te lei, en dis al. Moenie . . . Kyk, daardie Messias mag 'n miljoen jaar van nou af wees, mag dalk glad nie eers kom nie." Daar's baie Bybelskole vandag wat leer dat die fisiese, ek glo dis iets-oor-die-tagtig persent van die *sogenaamde* Christene wat nie in die fisiese wederkoms van Jesus glo nie. Ek het dit gehoor; ek het 'n paar regeringstatistieke daar van die verskillende denominasies, en ek vergeet, dis erger as dit, wat nie in die maagdelike geboorte glo nie. Hoe kan enigiets gebeur? Hoe kan ons 'n herlewing in hierdie volk bou? Wanneer

jy die maagdelike geboorte uit Christendom uithaal, slaan jy die fondament onder dit uit.

100 As Hy die bloed van 'n mens was, dan is Hy nie meer as wat ek is, of jy is nie, maar Hy's die Bloed van God. God, Heilige Gees, het die maagd oorskadu en 'n Bloedsel geskep, en dis die Bloed van God. Die Bybel het gesê ons is gered deur die Bloed van God, nie 'n mens nie, God. Maar hulle ontken dit.

101 "So klein Saggéüs, baie klein, kort kêreltjie, hy het gesê hy het opgestaan daardie oggend. . ." Laat ons hom 'n dramatjie gee, vir hierdie dogtertjie wat hier sit. Hou hom dop. . .Haar klein, blink ogies, en klein haartjies wat gekam is! En ek kan my voorstel om te sien. . .

102 "Jy weet, Rebekka, sy vrou, sy het Jesus geglo, so sy het net die heeltyd gebid, 'O Jesus, ek bid U, dat wanneer Hy ook al in die dorp inkom, hier, dat my liewe, klein mannetjie, hy's 'n goeie man, maar hy's net heeltemal verbonde aan hulle, allerhande soorte Kiwanis-byeenkomste, en losiepartytjies, en al hierdie dinge om. . .'"

103 Nou, ek sê nou niks oor Kiwanis nie, dis alles reg. Sien? Net party mense neem. . .Want ek—ek glo dat die Vrymesselaars goed en wel is, maar die Vrymesselaarslosie sal nooit die plek van die Kerk, of die Bloed van Jesus Christus, inneem nie. Al my mense is Vrymesselaars, en, nou, hulle is goed en wel as 'n losie, maar dit sal nie die plek van die Kerk inneem nie. En die probleem daarmee is, julle het die kerk, tot waar dit niks meer as 'n Vrymesselaarslosie, of enige ander losie is nie, 'n kerk is 'n huis van God waar Christus woon, en Homself manifesteer onder die mense. Dis reg.

104 Let op: "So Saggéüs, hy, ek sien hom daar uitgaan, en hy het gesê: 'Nou, hier klim hulle oraloor die poorte en alles, ek—ek sou Hom nooit sien nie, so ek gaan hiernatoe, ek weet Hy gaan altyd af in Hallelujastraat,'" Hy gaan nog steeds, "'en Hy draai in Glorielaan in, en so ek gaan daar na die hoek toe en gaan vir Hom wag.'

105 "So hy gaan soontoe, en hy het sy beste kleed aan, julle weet, hy het daaronder op die hoek gestaan met sy beste kleed aan, goed versorg, julle weet, 'Wag tot ek daardie *sogenaamde* Profeet van Galiléa sien! Ek sal Hom die waarheid vertel wanneer ek Hom sien. Hy weet nie hoeveel grade ek het nie, en my goeie vriend, die rabbi, het my baie dinge geleer, ek sal Hom iets vertel. En ek sal vir Hom sê as Hy nie ophou met Sy heksery by my vrou nie, gaan ek iets aan Hom doen. Ek sal Hom die waarheid vertel. Ek gaan nie my vrou daarbuite op geen lang nag bidure, en dinge hê nie, nee, meneer. Sy het die klub verlaat, sy het opgehou kaart speel, sy is klaar, o, goeiste, het al die. . .die rabbi se vrou, en hulle almal, almal, of, hierdie ander mense, net ontstel, ek sê jou, met daardie fanatisme. Ek sal Hom sê wanneer ek Hom sien!'

106 "Terwyl hy daar gestaan het besig om homself netjies te maak, het hy gedink: 'Wag 'n bietjie, daardie skare sal Hom volg.'" Dis reg, hulle doen dit gewoonlik. "'Daardie skare sal Hom volg, so as Hy *hiernatoe* kom, wel, sal dit niks beter wees as wat ek *daar* onder was nie.' So hy sê: 'Jy weet wat ek glo ek sal doen, daar's 'n wildevyeboom wat daar staan, so ek glo ek sal net daarin opklim. Wanneer ek bo in daardie boom kom, sal ek vir Hom sê wanneer hy verbykom.'

107 "So hy kyk rond, en sê, daar staan die stadsvullisdrom daar, 'Wel, miskien, as ek dit hier kon kry! Ek kan nie in die boom opskarrel nie.'" *Opskarrel*, ek het bedoel "opklim in die boom." Sien? Verskoon my taal-. . . , of, my . . . ek's net 'n Kentuckiër. "So—so hy gaan soontoe en kry sy arms . . . Nou, nou, hy tree terug: 'Jy weet, goeiste, ek het my beste klere aan. Hoe kan ek . . . ? Ek kon nie gevang word met daardie vullisdrom nie.'"

108 Maar daar's *net-iets* daaraan, as jy Jesus probeer sien, jy dit sal regkry om Hom te sien. As jy . . . Jy sal dinge doen wat jy nie gedink het jy sal doen nie, jy nie gedink het jy sou dit ooit doen nie, maar jy doen dit in elk geval, as jy Jesus wil sien. Lê jy waar sommige van hierdie mense is, en jy sal net al daardie ou aansien verloor.

109 "So hy glip oor, en druk sy neus toe, en kry die vullisemmer." Verstaan jy, skat? "Hier kom hy aan, jy weet, besig om te dra, en hy kyk toevallig op, en hier's sy mededinger, wat sê: 'Wel! Kan jy dit glo? Daar's Saggéüs, hy werk nou vir die stad, die vullisverwydering.' Wel, hy was vasbeslote om Jesus te sien, so hy het nie omgegee nie."

110 Miskien mag sommige van julle almal dieselfde voel, een of ander doktor van godsgeleerdheid wat daaragter sit, sê: "Ek sou nie onder hierdie klomp mense gevang wou wees nie," maar jy's nou ontbloot, broer, jy's nou geruïneer. Maar as jy vasbeslote is om Jesus te sien, gee jy in elk geval nie om nie, dis reg, gee jy in elk geval nie om nie.

111 "Hier kom hy met die vullisemmer, loop soontoe, en sit dit neer langs die boom, en skarrel in die boom op, en kom daarbo, sit daar en pluk splinters uit sy hand uit, vee die vullis van sy nuwe klere af. Maar hy wil Jesus sien.

112 "Hy het gesê: 'Weet jy wat? Ek onthou Rebekka het vir my gesê dat daardie Kêrel 'n Profeet was. Nou, ek glo daar's 'n bedrogspul daaraan, iewers.'" Hulle glo steeds dieselfde ding. "'Daar's 'n bedrogspul daaraan, iewers. Daardie dissipels, op een of ander manier, werk hulle dit op onder hulle, *so-iets*, gaan kry hulle iemand wat Hy ken, en Hy vertel hulle daardie dinge. So ek—ek weet . . . Weet julle wat? Ek sal jou sê wat ek sal doen, ek gaan net wegkruip vir daardie Kêrel.'

113 "So hy het gaan sit waar twee takke kruis." En julle weet, dis 'n goeie plek vir jou om 'n rukkie te sit, waar twee paaie

kruis, joune en God s'n, maak jou besluit van daar af. "So, hy het gaan sit op hierdie tak, en hy het sy hand uitgesteek en 'n bietjie van die groot wildevy beetgekry," *wildevy*, eintlik was dit 'n olyfboom: "so hy het net nadergetrek, en homself oral bedek, gesê: 'Hy sal my nooit hierbo sien sit nie, maar ek gaan na Hom kyk wanneer Hy verbykom.' Hy bedek homself heeltemal, en hy los een groot blaar daar, sodat hy dit kon oplig en uitkyk," soos *hierdie*.

114 "So hy het daar gesit, en hy het gesê: 'Nou, sal ek in staat wees om te weet, want *op een of ander manier*, oral waar Hy is, is daar 'n klomp geraas.'" Julle weet, dit het nie verander nie. Nee. Waar Jesus is, is daar gewoonlik baie geraas. "So, hy het gesê: 'Ek sal die geraas hoor kom 'n lang tyd voor Hy daar kom.'

115 "So naderhand het hy die geraas gehoor. En julle weet, reg voor, het 'n yslike groot, fris, kêrel, Simon Petrus gekom, wat sê: 'Sal julle opsy staan? Ons is baie jammer. Ons Meester is moeg, Hy het heelnag gepreek, amper, gisteraand; Hy het baie van die siekes genees. Sal julle opsy staan, asseblief? Ons is jammer. Mense met hulle kinders, wel, sal julle net opsy staan, asseblief? Ons Meester moet nog Sy ontbyt kry, vanmôre. Sal julle net opsy staan?'

116 "So Saggéüs het gesê: 'Dit is nie Hy nie, dis daardie ou, onkundige visserman daarbo by wie ek altyd vis gekoop het, dit is nie Hy nie.' So omtrent daardie tyd, het hy gesê: 'Hy moet 'n yslike groot, prins van 'n Kêrel wees met 'n kroon op Sy kop, wat fors loop, julle weet.'" Julle weet, ek haat dit om enigiemand te sien aansit, wat 'n grootprater is, dis—dis nie 'n man van God nie. So hier, maar hulle het opgelet toe Hy gekom het, 'n klein, nederige Kêreltjie, nie met Sy kraag agterstevoor, en tulbande op Sy kop nie, maar Hy was net 'n gewone Man, aangetrek soos 'n gewone man.

117 "So soos Hy verbygekom het, het Saggéüs sy blaar afgetrek, gesê: 'Jy weet, daar's net *iets* aan daardie Man waarvan ek hou.'" Jy kan nooit blik 'n van Hom kry, dat jy Hom nie liefkry nie, ek gee nie om wie dit is nie. Ek weet die eerste keer wat ek gekyk het, ek Hom in geloof gesien het, wat Hy was, my hande op Sy voete gesit het, Hom daar sien sterf het vir my, en afgekyk het na my, o, dit genoeg was.

118 "Saggéüs het sy blaar afgetrek, gesê: 'O, het Hy naby gekom? Nou, Hy kan my nie sien nie, Hy sal nie weet ek is hier nie. Nou, Hy weet nie, want Hy, as Hy my hierbo sou sien. . . maar Hy kan my nie sien nie, want ek is heeltemal bedek, ek's in hierdie boom, en 'n klein kêreltjie wat bo-op hierdie tak hier sit, en ek sal Hom dophou.' So, ons het Hom opgelet, Hy het aangestap gekom, net op Sy gewone manier, stil geloop, afgeloop." Ek kan klein ou Saggéüs onder die boomblaar sien uitloer, soos *hierdie*, julle weet, kyk soos Hy verbykom.

119 "Toe Hy net verbygegaan het, het hy sy blaar opgelig, Jesus het gestop, gesê: 'Saggéüs, kom af. Gaan huis toe saam met jou vir middagete.' Nie net geweet hy was daarbo nie, maar geweet wat sy naam was, dit het dit afgehandel.

120 "Wel," en hy het gesê: "onthou julle toe ons by die hek uitgegaan het, Blinde Bartimeüs, toe Blinde Bartimeüs gesê het hy het daar gesit, gedink het aan hoedat die—dat die Messias sou wees wanneer Hy kom, ensovoorts, en hoedat as die profete gelewe het, hy sou verbygaan het en vir hulle vra, om sy sig te ontvang, en hy hulle meteens hoor verbykom het, 'n gillende skare? Daar was ons weer. En hy het daar gesit, aan die bewe in die koue. Onthou julle sy getuienis? En hy het gesê—hy het gesê: 'Wie gaan verby?'

"En gesê, almal het gesê: 'O, bly stil.'

121 "En hy het iemand hoor skree: 'Haai! Haai, jy! Jy, die Galilése profeet, jy! Ons hoor jy wek die dooies op,' dit was 'n priester, gesê het: 'ons het 'n hele begraafplaas vol van hulle hierbo, kom en wek een vir ons op, en ons sal jou glo.'" Daardie selfde ou duiwel lewe nog steeds, julle weet. "Ons het gehoor dat jy die dooies opwek, ons het 'n begraafplaas vol regverdige manne wat dood is hierbo, kom, wek een van hulle op, en ons sal jou glo.'"

122 Hom nooit 'n bietjie gepla nie, Hy het net verder geloop. Die siele van die wêreld het op Hom gerus, Hy was toe op pad na Gólgota, teen die heuwel opgegaan.

"Bartiméüs het gesê: 'Wie gaan verby?' En hulle het hom weggedruk.

"En naderhand het 'n goeie, hoflike dame verbygekom, en gesê: 'O, arme kêrel!' Gesê: 'O . . . '

"Gesê: 'Wie gaan verby, dame?'

"'O,' het sy gesê: 'weet jy nie Wie dit is nie?' Gesê: 'Dis Jesus van Násaret.'

"'Nee, ek weet nie Wie Jesus van Násaret . . . '

"'Die Galilése Profeet?'

"'Nee, ek het nog nooit gehoor daar was so 'n Persoon nie.'

"'Weet jy Wie die Seun van Dawid gaan wees?'

"'O, die Messias?'

"'Ja.'

"'O, as ek Hom net kon gesien het! Hoe weet jy Dit is?'

"'Ek's een van Sy volgelinge.'

123 En ek wil iets hier sê: Sy volgelinge betoon altyd hoflikheid teenoor almal in hulle lewens, julle sien. Hulle is gereed om iemand te help, gereed om iets vir iemand anders te doen, Sy ware volgelinge.

"En gesê: 'Ja.'" En dit mag hê, laat ons sê dit was Rebekka, "'My man is net 'n rukkie gelede gered, en ek is so vol vreugde.'

"'Wel, nou, jy bedoel dat Dit die Messias is wat ons geleer is sou kom, die Profeet wat Moses gesê het? Hoe ver is Hy?'"

124 Nou, as jy ooit daar was, en gekyk het waar hy veronderstel was om te sit, hy was 'n goeie tweehonderd-en-vyftig treë weg, met omtrent vier of vyfduisend mense wat geskree het, "Hosanna, aan die Profeet! Hosanna, aan die Profeet!" Ander een wat skree: "Weg met hom!" En oorryp vrugte na Hom gegooi het, en sulke dinge. Al daardie soort dinge, hoe kon Hy ooit gehoor het, "Jesus, U Seun van Dawid, wees genadig! U Seun van Dawid, wees genadig"?

125 "So laat ons dink dat Bartiméüs dit gedink het: 'As Hy daardie Messias is, is Hy 'n Profeet.' Ek kan hom net op sy knieë sien kniel, bewe, en sê: 'O, Jehova, U Messias wat ek my hele lewe lank wil sien, en as dit Hy is wat verbygaan, laat ek Hom aanraak, Here. Ek kan nie by Hom uitkom nie, maar kan my geloof Hom bereik? O, laat ek Hom aanraak, Here!'

126 "Omtrent daardie tyd het Jesus gestop, en gesê: 'Bring hom hier.' Hy kon hom nie gehoor het nie, Hy was te ver van hom af, daardie hele gillende skare, maar sy geloof het Hom gestop." En kyk waarheen Hy op pad was, na Jerusalem met die sondes van die wêreld op Hom, maar kyk, die geloof van een blinde bedelaar, amen, het Hom gestop. En die geloof van een persoon hier, vanaand, sal Hom van die Heerlikheid af bring, hiernatoe, om dieselfde ding te doen.

127 O, ons kan aangaan met die getuienis, maar ek moet opskud. Ja, ek is oor die tyd. Laat my met nog net een klein stellinkie afsluit. Hulle het getuig. Weet julle wat? Terwyl daardie broers getuig het, het die duiwel toevallig oor die relings gekyk, daar oorkant iewers, of van oorkant die heuwel af, en gesê: "Uh-oh! Uh-oh! Ek het hulle nou, hulle het vertrek sonder hom." En dis wat die kerk vandag gedoen het. Ons het sulke groot bouprogramme gehad, soveel geld, soveel modes, om die volgende mense te probeer volg, dat ek bevrees is dat ons vertrek het sonder Hom, ons lewens bewys dit, vertrek het sonder Hom.

128 Duiwel sê: "Nou, kan ek hulle kry." So hy het sy giftige asem begin blaas, die see het begin gaan na die bodem, met groot golwe wat oplek. Dis wat hy vandag doen wanneer hy jou sien vertrek sonder. . . 'n kerk net met 'n klomp koue, formele teologie; 'n "*Amen*," sou veroorsaak dat iemand, hulle kop omdraai, wonder wat gebeur het; geen gees nie, geen heelnag biduur meer nie, geen las meer vir die siekes nie, geen las meer vir die sterwendes nie, geen las meer vir die sondaars nie; dan begin hy sy giftige asem opblaas, sê: "En die dae van wonderwerke is verby."

129 Hy begin die bootjie van kant tot kant slaan. "Is dit werklik? Kan dit werklik wees? Miskien was ons verkeerd. Miskien was

ons vaders, wat gesê het om die Heilige Gees te ontvang, miskien is dit verkeerd. Wesley kon 'n bietjie van sy kop af gewees het, Luther kon ook verkeerd gewees het, Knox, Calvyn, al daardie kêrels."

130 En John Wesley het Goddelike genesing gepreek, en geglo in Goddelike genesing, en Goddelike genesing beoefen. Elke keer wat ons ooit 'n herlewing gehad het, enige tyd deur die geskiedenis, het dit begin met Goddelike genesing. Dis reg. Kyk of Luther nie genees het nie, die res van hulle, die heelpad deur, Goddelike genesing beoefen. Toe het hulle dit georganiseer, en toe het die winde begin waai, want wanneer jy dit organiseer, vertrek jy sonder Hom, en dan het jy jou eie teologie, jy sien.

131 As jy jou doktrine sou maak, en dit laat eindig met 'n komma, "Ons glo dit, *plus* soveel as wat God aan my sal openbaar," is dit net reg. Maar wanneer jy jou doktrine neerskryf, jy dit laat eindig met 'n punt: "Ons glo net *hierdie* en net *dit*," dan het jy God reg uit die ding uitgesluit. Reg. God hou net aan beweeg, Hy beweeg net.

132 Die Vuurkolom, sodra Luther Dit gesien het, het hy uit die Katolieke kerk uitgekom. Wat het hulle gedoen na Luther se dood? Hulle het 'n organisasie Daaronder gebou, die Vuur het weggegaan. John Wesley het Dit gesien, hy het heiligmaking besit, hy het uitgegaan agter Dit aan, Luther verlaat, die Anglikane verlaat, en agter Dit aangegaan. Wat het hulle gedoen na Wesley, en Asbury, en hulle gesterf het? Hulle het 'n organisasie gemaak, God het reguit uitgetrek, en na die Pinksters toe gegaan. Hier het hulle Dit gesien, en hulle het gegaan met die doop van die Heilige Gees. Wat het julle almal gedoen? Dit georganiseer, en Hy trek reguit weg van julle af, gaan reguit aan. Sien?

133 Hy gaan net reguit aan, want julle begin baklei en baklei met mekaar. Wanneer julle dit doen, is julle gedaan, is julle gedaan, broers. God is liefde: "Hieraan sal almal weet julle is My dissipels, wanneer julle liefde vir mekaar het," met 'n hand uitgesteek en 'n hart uitgesteek. Party van die beste mense in die wêreld is in hierdie kerke, maar die stelsel van die ding, julle sien, is wat dit kry. Goeie mense in die Katolieke kerk, maar dis die stelsel wat hulle keer om God te dien.

134 Nou, Hy het hulle gesien, en daar was hulle, wat rondgeslinger word, alle hoop weg. Dis waar jy lê, waar jy lê, hierdie arme sterfling wat hier lê, net omtrent dood, daardie babatjie, julle daarbuite met die hartprobleem, met kanker, dis waar julle is, net alle hoop omtrent weg. Maar weet julle wat? In al ons sonde, in al ons verskille, laat ek hierdie bemoedigende woord gee voor ons bid: Hy het hulle nie verlaat nie, Hy het op die hoogste berg geklim wat daar was, sodat Hy hulle die heelpad kon dophou, Hy het daarbo gesit en dophou.

135 Toe Hy op Gólgota gesterf het, broer, het Hy ons nooit verlaat nie, Hy het die heuwel van Gólgota geklim, op en bokant die maan en sterre, op en bokant die Wit Melkweg, totdat Hy gaan sit het aan die regterhand van God in die Hemel. “En Sy oog is op die mossie,” en ek weet Hy hou ons dop, vanaand. Hy het nie so ver gegaan nie, Hy het hulle in die moeilikheid gesien, Hy het gesien die duiwel was omtrent gereed om hulle te kry.

136 Hy sien die duiwel is omtrent gereed om julle almal te kry, Hy sien dis net omtrent gereed, jy gaan na ’n voortydige graf, party van julle gaan as ’n sondaar, as jy nie bekeer nie, sommige van hierdie sal voortydig gaan, omdat Satan se siekte ingetree het, die lewe uit jou uitgegryp het. Maar onthou, Hy sit op Hoogte en kyk, wag om Sy Woord te bevestig, Hy waak Daaroor om Dit te bevestig. Is dit reg?

137 Wat het gebeur? Toe die roeispane gebreek het, die maspaal geval het, die skippie vol water was. . . Dis omtrent soos ons kerke vanaand is, vol water, stry oor allerhande soorte dope, en al die res, ons is vol water. Doop op *hierdie* manier, besprinkeling, uitgiet, stry, baklei, aangaan, die roeispane is gebreek, en die seile is weg, en daar is geen rukwind meer nie, as dit kom, kan dit ons nêrens heen waai nie. Daar het julle dit, sien, heeltemal gedaan.

138 Maar hier kom Hy aangestap op die water, o, goeiste, aangestap op die water. En wat het die dissipels gedink toe hulle Hom aangestap sien kom het? Hulle het gedink Hy was ’n spook, hulle het gesê: “O, dis ’n spook. O, ons is bang! Ons is bang!” En begin uitroep: “O, dis spookagtig! Moet niks daarmee te doen hê nie. Dis—dis—dis—dis verstandstelepatie. Dit—dit—dis fortuinvertellery.”

139 Net soos hulle toe het, so maak hulle nou, dieselfde ding, bang daarvoor, “Wel, ons kerk leer dit nie, ek’s bang daarvoor.” Maar die Bybel leer dit. As Hy vanaand kon praat, weet julle wat Hy sou sê? “Wees nie bevrees nie, dit is Ek.” En as dit Hy is, sal Hy Sy selfde werke doen, het Jesus gesê: “As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie, maar as Ek die werke van My Vader doen, glo dan die werke.”

140 As ek vir julle gesê het, luister, ter afsluiting, as ek vir julle gesê het die gees van ’n kunstenaar was in my, wel, sou julle van my verwag om hier uit te gaan en ’n skildery te skilder soos die kunstenaar, as daardie gees in my is. Dit reg? As ek vir julle gesê het die gees van ’n werktuigkundige was in my, sou julle verwag dat ek sou verstaan, amper, die geluid van daardie enjin, wat verkeerd was. As ek julle vertel het die gees van John Dillinger was in my, sou ek gewere hê, sou dit gevaarlik wees om voor my te staan, as daardie gees in my was. As ek vir julle gesê het die Gees van Jesus Christus was in my, dan sal ek die werke van Jesus Christus doen, Sy Kerk sou ook, want dis Sy Lewe Daarin.

141 Nou, wat Hy toe was, en waarvan daardie mense getuig het, as Hy daardie selfde ding sal doen, vanaand, sal julle besef dat julle geloof Hom geroep het uit die Heerlikheid na hierdie gebou, vanaand? Sal julle dit aanvaar? Wat sou julle dan sê? "Wees nie bevrees nie," dis wat Hy sou sê: "Dis Ek."

142 Party van julle sê: "Wat is dit, Broer Branham?" Ek—ek... Elke aand wanneer die diens begin, voel ek hulle sê: "Jy weet, ek glo hy lees hulle gedagtes," een sê: "Dis telepatie," een sê: "Dis onsin," broer, jy verseël net jou eie ondergang.

143 As Hy Self kon praat...As dit nie dieselfde Woord is wat Hy...Hoeveel weet dat Jesus Christus die Woord van God is? "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." Is dit reg? Hoeveel weet dat Hebreërs, die 4de hoofstuk, die Bybel gesê het dat die Woord van God skerper is as 'n tweesnydende swaard? Dis preek, haar sny, albei kante toe sny, tweesnydend, kom en gaan.

144 Party mense dink nederigheid is iets wat 'n romp behoort te dra. Nee, nee, julle—julle verstaan dit verkeerd. Jesus, die nederigste Man wat ooit gelewe het, en Hy kon toue aanmekaar vleg, en na hulle kyk met woede, en hulle uit die tempel uitjaag. Ja, meneer. Sekerlik.

145 Jy sê: "Hy het medelye gehad." Hy het. Waarom het Hy deur duisende mense gegaan wat verlam was, blind, kreupel, verdor, en 'n man gevind wat op 'n palet lê? Miskien het hy prostaatprobleme gehad, hy kon loop, het hy gesê: "Wanneer ek afkom, spring iemand my voor." Hy...Sou hom nie doodmaak nie, hy het dit agt-en-dertig jaar gehad. En die Bybel het gesê Hy het deur groot menigtes van verlamdes, blindes, kreupeles, en verdordes gegaan. Is dit reg, broers? 'n Barmhartige God, wat deur daardie soort mense gegaan het, en 'n man gevind wat op 'n palet lê.

146 Hoeveel weet wat 'n palet is? Ek is grootgemaak op een, sien, so...Dan, jy...Gelê op hierdie palet, en daar het hy, daar gelê, en Jesus het rondgekyk totdat Hy hom gevind het, en die Bybel het gesê dat Hy geweet het hy was in hierdie toestand, en Hy het gesê: "Wil jy gesond gemaak word?" Waarom nie die verwronge man nie? Wat van daardie vrou daar met die sterwende babatjie? Wat van hierdie? Wat—wat van hulle? "Wil jy gesond gemaak word?"

Hy het gesê: "Ek het niemand om my in die water te sit nie, wanneer ek kom, klim iemand af."

Jesus het gesê: "Jy het dit vir agt-en-dertig jaar gehad."

"Dis reg."

"Goed. Neem jou bed op, en gaan in jou huis in." Hy het nooit bevraagteken nie, hy het net die bed opgetel en aangegaan. Is dit reg?

En die Fariseërs en die Sanhédrinhof, die kerk, het Hom bevraagteken: "Hoekom nie al die res van hierdie nie?"

147 Hy het gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, Ek kan . . . die Seun doen niks uit Homself nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so." Dis medelye. *Medelye* is "volg die wil van God," nie menslike simpatie nie, maar *medelye*. O, dis twee totaal verskillende woorde, *simpatie*, en *medelye*. Sien? As dit nie was nie, het Jesus beslis 'n wrede fout gemaak toe Hy dit gedoen het. Sien?

148 So, julle moet besef dat die barmhartige Christus, weer, Hy elkeen van julle genees het, julle is almal vry, as julle dit kan glo. Nou, glo julle hierdie is die Woord van God? Dat dit presies is wat Jesus gedoen het, waarvan hulle getuig het? Steek julle hande op.

149 Nou, as Hy hier gestaan het, die Een Wat die Woord geskryf het, as Hy hier gestaan het, en jou sou vertel, en vir jou bewys dat Hy net hier op die platvorm gestaan het, sou jy gewillig wees om Hom te aanvaar, en sê: "Dit handel dit vir my af, ek . . . "? As Hy hier staan, en die Woord geskryf, en gesê het: "Waar twee of drie ook al vergader is in My Naam, daar sal Ek in hulle midde wees, en die werke wat Ek doen, sal hulle ook doen . . . " Is dit reg? Johannes 14:7 . . . 14:8 "Die werke wat Ek doen . . . "

150 Nou, hier's 'n breë uitdaging voor, soos die broer gesê het, negentienhonderd mense, *hier* lê 'n Bybel op die lessenaar, *hier* is twee of drie velle papier van een of ander soort, en iets, ek weet nie eers wat op hulle is nie, hulle behoort aan sommige van die broers hier, *hier* is 'n Bybel, daar's negentienhonderd mense, daar's nie 'n persoon hier wat ek ken nie. Ek kan nie een lewende mens sien wat ek ken in daardie gehoor nie. As julle almal vreemdelinge vir my is, steek julle hand op.

151 Ek sou selfs, miskien, as ek tyd gehad het, hierdie prediker wou hê, wat op een van die privaat onderhoude was vanmôre, hom laat staan en julle vertel wat die Heilige Gees daarbo gedoen het vanmôre, sonder 'n sweempie twyfel wat Hy gedoen het, en teruggegaan het, en uitgebring het, en gewys het, en geopenbaar het, en . . . Maar as jy glo dat Jesus Christus in Sy mense woon . . .

152 Kyk, alles wat God was, het Hy in Christus uitgestort. Glo julle dit? "In Hom het die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon." Glo julle dit? Want Hy was—Hy was—Hy was God in die . . . Hy was die Seun van God, maar tog was Hy God, God het Sy vorm verander van 'n Gees, en Sy tent vergroot, en begin . . . Hy het óns geword. Hy het óns geword, sodat ons, deur Sy genade, Hy kan word. Amen. Broer, sekerlik, begryp hulle dit. Sien?

153 God het vlees geword, sodat ons kon . . . Een Timótheüs 3:16: "Onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot,

want God is geopenbaar in die vlees, en is geglo in die wêreld, en—en is weg en is opgeneem in die Heerlikheid.” God wat gemanifesteer is.

154 God was in Christus om die wêreld met Hom te versoen. So alles wat God was, het Hy in Jesus ingestort, en alles wat Jesus was, het Hy in die Kerk ingestort. So dis waarom Hy ons opdrag gegee het om te doop, gesê: “Gaan julle dan, leer al die nasies, doop hulle in die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees.” Hoekom? Nie drie verskillende Gode nie, maar drie ampte van dieselfde God, die Vaderskap, die Seunskap, die Heilige Gees bedeling. Nou, Vader, Seun, en Heilige Gees, dis God. Nie drie of vier of vyf verskillende Gode nie, maar een God gemanifesteer in drie manifestasies van een God, Vader, Seun, en Heilige Gees, die drie-eenheid.

155 Nou, ons let op daardie selfde God toe, wat in die Vuurkolom was, was dieselfde Een wat in Jesus was, want Hy het gesê: “Voor Abraham was, IS EK. Ek is die Rots wat in die woestyn was.” En Hy het gesê: “Ek kom van God af, en Ek gaan na God toe. Op daardie dag, sal julle weet dat Ek die Vader is, die Vader in My, en Ek in julle, en julle in My.” Daar is ons, almal saam, God in ons, God in jou, daardie selfde God.

156 Die probleem daarmee is, julle Pinkstermense, julle Baptiste, julle Metodiste, jy herken nie jou God-gegewe voorreg nie. Luister na my! SO SPREEK DIE HERE, glo dit met julle hele hart. Hy het dit belowe in die laaste dag. Was nie vir tweeduisend jaar nie, want die Bybel het gesê dit sou nie wees nie. Maar Jesus het gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom,” toe daardie Engel gekom, Sy rug gedraai het op die tent, en vir Sara gevra, en vertel het wat sy in die gebou gesê het. Hoeveel weet dit? Jesus het gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens.” Wanneer? Net voor Sodom verbrand het, dis net voor hierdie wêreld gaan brand. Die hele ongelowige wêreld sal wees . . . in chaos verval, en brand met vurige hitte, ons weet dit.

157 En net voor daardie tyd, onthou, SO SPREEK DIE HEILIGE GEES: Hierdie is julle laaste teken. Skryf dit in julle Bybel. En as iets opstaan behalwe hierdie, en groter as hierdie, noem my ’n valse profeet. Dis nogal ’n stelling. Ek kyk wat ek sê. Ek is in kontak met meer as tienmiljoen mense om die wêreld, sien, so ek moet dit sê, en ek weet ek het dit nie self gesê nie.

158 Nou, Hy’s hier. Ek kan jou nie genees nie, ek het niks om jou mee te genees nie, maar die Een wat jou genees het, is hier, probeer jou sover kry om dit te glo en dit te aanvaar. Nou, ek vra julle, as my broer, my suster, in die Naam van Jesus Christus, glo hierdie Evangelie Boodskap.

159 En as julle my nie wil glo omdat ek nie aan julle denominasie behoort nie, ek behoort nie aan enige denominasie nie. Ek is ’n

Metodis, ek's 'n—ek's 'n Pinkster-Metodiste-Nasareense-Pelgrim Heiligheid. Sien? Ek's julle broer. Ek's 'n Mennoniet-Amish, ek's—ek—ek's dit alles. Sien? Ek—ek—ek's julle broer. Sien? Ek's die Gemeente, die Kerk van God. Elkeen van julle goeie broers wat gehelp het, julle mense regoor die wêreld het my dienste geborg, en agter my gebly in vreemde velde, en my ondersteun, broers, ek's net hier om te verteenwoordig, ek's julle broer, ek's—ek's eenhonderd persent vír julle.

160 Ek is bly vir julle, vanaand, in hierdie groot donker uur om te weet dat julle mans en vroue van God is, wat hier sit om hierdie groot Evangelie te verteenwoordig wat ons verkondig. Moenie skaam wees nie, broers, julle het die waarheid, bly daarby. Moenie daarvan skei, regs of links nie, bly reg daarby.

161 Hoeveel daarbuite, wat nie gebedskaartjies het nie, wat siek is? Laat ons jou jou hand sien opsteek, waar jy ook al is. Daar was 'n vrou in die Bybel, soos ons nou die aand gesê het, wat nie 'n gebedskaartjie gehad het nie, maar sy het gesê: "Ek glo daardie storie van daardie Man. As ek Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word." Hoeveel ken daardie storie? Toe sy Hom aangeraak het, het sy uitgegaan en gaan sit.

En Jesus het gesê: "Wie het My aangeraak?"

En Petrus het Hom bestraf, gesê: "Almal raak aan."

Hy het gesê: "Maar Ek het swak geword."

162 Hoeveel weet dat daardie *deug* beteken "krag?" Swak, Hy het swak geword. Dis waarom jy nie kan gaan nie. Binnekort, hier kom dit weer, sal ek die veld verlaat. My bediening gaan verander, ek kan nie 'n evangelis en 'n siener op dieselfde tyd wees nie, dit bou die mense onder 'n valse hoop. (Dis twee keer.) Nou . . . (Goeiste, ek wens dit sou dit nie doen nie.)

163 Maar kyk, nou, in hierdie gehoor, vir vanaand, as God een teken soos daardie sal wys, dat Hy hier by ons is, sal almal van julle dit glo met julle hele hart?

164 Dan as daardie vrou Sy kleed aangeraak het, en Hy dan omgedraai en vir haar gesê het dat sy 'n bloedvloeiing het, en gesê het, Hy het nooit gesê: "Ek het dit gedoen nie," Hy het gesê: "*Jou geloof* het dit gedoen," (Is dit reg?) nou, dit gaan jou geloof wees wat dit doen. Dit reg? Jou geloof wat dit doen.

165 En het julle julle geestelikes opgelet, julle predikers, vanaand? Elke aand het hulle hier agter my gesit, om vir my te bid, in plaas van om daar uit te kom om in die ry geroep te word. Verskeie van hulle is alreeds genees, ek weet dit. Hulle is ook siek, hulle is behoeftig, maar hulle gee eers voorrang aan hulle gemeente, dis skaapwagters. Nou, glo julle.

166 Nou, hoeveel weet dat Hy daardie selfde Hoëpriester is, vanaand, wat Hy toe was? Waar is Hy? Sit aan die regterhand van die Vader. Is dit reg? 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur

wat? Die gevoel van ons swakhede. Is dit waar? Aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Goed. As Hy aangeraak kan word, en Hy is dieselfde Hoëpriester, hoe sou Hy optree, vanaand, as jy Hom aangeraak het? Dieselfde manier wat Hy toe het. Is dit reg? Almal wat dit glo, sê. . .steek jou hand op, oral rondom, oral. Goed.

167 Nou, ek gaan net 'n oomblik wag, ek wag vir die gehoor om stil te word, eerbiedig. Die Heilige Gees is *so* skugter. O, net een klein dingetjie, sal Hy—sal Hy weggaan, Hy sal my net verlaat, dan moet ek wegstap. Glo julle.

168 Nou, julle mense, sê ek, wat nie 'n gebedskaartjie het nie, steek julle hande op. Ek dink daar's geen gebed. . .Ek dink nie hy het enige gebedskaartjies uitgegee nie, het hy? Ons gaan hulle uitdeel môre, of Sondag, een, vir Sondagmiddagdiens, of môre, wanneer die Here ook al sal lei.

169 Nou, bid julle. Julle sê: "Hoëpriester?" Nie William Branham nie, nee, William Branham is 'n man, sondaar gered uit genade, net soos julle is. "Maar, Here, ek glo die man het my die waarheid vertel, dis die Bybel. Hy sê vir my dat hierdie die dag is wat God dit belowe het."

170 Nou, ek wil hê party van julle mense wat nie kreupel is nie, eers sal ons, dan sal ons naderhand by die kreupeles uitkom. Nou, as ek hiernatoe sou kyk, sê: "Hierdie dogtertjie, sy's kreupel," ek sou sê: "hierdie seuntjie hier met hierdie stut op sy been," ek mag dit raai, sê: "hy het waarskynlik polio gehad, dit gedoen het." O, sekerlik, enigiemand kan daarna kyk, sien: "Hierdie seun is kreupel, hierdie vrou is kreupel," sekerlik, enigiemand sien dit. Sekerlik. Dit sou geen wonderwerk wees nie. Maar wat van julle daarbuite wat goed en gesond lyk? Dis die een, dis die een. Bid julle.

171 Nou, ons Hemelse Vader, hier's 'n klomp sakdoeke wat hier lê, en hulle verteenwoordig die siek mense. En hulle bring hierdie, omdat hulle in die Bybel sakdoeke en voorskote van die liggaam van Paulus afgeneem het, en die Bybel het gesê dat onrein geeste uit hulle uitgegaan het, duiwels hulle verlaat het, hulle genees is. Hierdie mense in 'n ander eeu glo dieselfde, omdat hulle U in Paulus sien beweeg het, het hulle geweet dat hy U dienskneg was. En Paulus is lank gelede weg, Here, na die Heerlikheid, maar U is steeds dieselfde Heilige Gees wat op hom was. U het belowe dat U dieselfde ding sou doen, en U doen dit.

172 Nou, een skrywer het gesê dat toe Israel afgesny was van die beloofde land, en die Skelfsee dit teruggehou het, dat God afgekyk het deur daardie Vuurkolom met kwaai oë, en daardie Skelfsee bang geword het, en dit terugbeweeg het, en die kinders van Israel oorgegaan het na die beloofde land. Nou, Here, kyk vanaand, deur die Bloed van Jesus, en elkeen van hierdie sakdoeke, wanneer hulle op die mense gelê word, mag daardie

duiwel bang word, en terugbeweeg, mag daardie siek persoon oorgaan in daardie goeie belofte van Goddelike genesing. Soos U gesê het: "Bowenal, wil Ek hê dat julle in goeie gesondheid moet verkeer." Skenk dit Here, deur Jesus Christus' Naam, bid ek. Amen.

173 Nou, soos ons sit, wil ek hê almal moet eerbiedig en stil, baie eerbiedig, stil wees, net in gebed wees, en in jou hart sê: "Here Jesus, laat my U kleed aanraak. Ek weet Broer Branham ken my nie, hy het geen idee wie ek is, of waar ek is, of niks van my af nie. Maar as U net sal draai . . . En hy sê vir my dat ons lees waar mense in die wêreld gebore word vir sekere dinge, vir sekere eeue, hy het gesê van 'n klein babaseuntjie af . . . Ons het gehoor dat hierdie dinge gekom het, dat . . . As U my net U kleed sal laat aanraak, dan spreek U deur Broer Branham, laat hom vir my sê waaroor ek bid, waarvoor ek hier is, wat *ook-al*, ek sal U glo." Sê dit net. Sê: "Ek twyfel nie Here, maar ek's behoeftig." Julle moet net geloof hê en glo. Net, ons wag, nederig, sagmoedig, wag, niemand wat nou druk nie, wees net . . . ontspan net jouself.

174 Nou, as almal kan sien wat ek sien, as julle wil kyk, daar's 'n man wat reg daaragter sit, hy het hartprobleme vir een ding, 'n ander ding, het hy 'n bloedklont op sy bors. Ek glo hy gaan dit mis. Hy's van Michigan, Mnr. Hannah, staan op jou voete, meneer. Ontvang jou genesing, Jesus Christus maak jou gesond.

175 Terwyl jy op jou voete is, meneer, is ek en jy vreemdelinge, mekaar? Steek jou hand op. Daardie dinge wat gesê is, alles wat gesê is, was waar? Wuif jou hand soos *hierdie* vir die gehoor. Het jy nie gebid vir God om jou aan te raak, die Hoëpriester nie? As dit reg is, wuif jou hand soos *hierdie*. Jy is genees.

176 Veertig voet van my af, wat het hy aangeraak? Wat het hy aangeraak? Maak dit die Bybel waar, broers? Hy's 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Glo julle dit?

177 Nou, iemand anders, êrens, bid. Ek kan net sê soos ek daardie Lig dophou en julle gees voel trek. Dis nie my keuse nie, dis die Vader s'n, ek spreek net. Maar as ek nie die werke van Jesus Christus doen nie, dan is ek nie Sy getuie nie. Ek hoef dit nie te doen nie, dis my bediening; hierdie manne hoef dit nie te doen nie, hulle sal nie. Daar's nie . . . En ek sal dit sê, in die Naam van die Here: Daar was nie, of sal nie wees, totdat ek weg is; presies wat Hy vir my gesê het toe Hy dit verordineer het nie.

178 'n Man wat reg hier agter sit, geskadu tot die dood, het pas 'n kankeroperasie gehad, maar dit het niks gehelp nie. Mnr. Holtzinger, staan op jou voete, en glo. Is ek 'n vreemdeling vir jou, meneer? Steek jou hand op. Is daardie dinge reg? Alles reg? Wuif jou hand soos *hierdie* as dit reg is. Glo in die Here Jesus Christus, gaan, wees gesond. Glo met jou hele hart.

179 Daar's kankergees iewers, jy voel dit net, die duiwel se skaduwee. Dis nie ek nie, nou hou julle op om dit te dink, nie ek nie, Hy. Hier, kyk net oorkant. Kan jy nie daardie Lig sien nie, broer? Kyk, wat net daar staan. Sien dit? Dis reg bokant daardie man wat daar sit met daardie rooi das aan. Die man het leukemie. Dis reg, staan op jou voete, meneer. As jy daar gesit en bid het daarvoor, staan op jou voete, as daardie dinge is. . . dis reg. Is ons vreemdelinge vir mekaar? Wuif jou hand heen-en-weer. Die dinge wat vir jou vertel is, reg? Wuif weer jou hand. Glo in die Here Jesus Christus, en word genees. Sien?

180 Kyk, kyk hier, sien hierdie dame wat net hier sit? Jy bid vir daardie baba. Baba kan nie op aarde lewe tensy God help nie. Glo jy dat ek God se profeet is, Sy dienskneg? As ek vir jou sê wat verkeerd is met die baba, sal jy glo dit sal gesond word? as jy genoeg kontak het om te glo. Die baba het 'n gat in sy hart. As dit reg is, steek jou hand op, Suster. Glo jy nou? Sit jou hand daarop, net soos jy dit gekry het.

181 God, ek bestraf daardie duiwel. Laat daardie baba lewe, in die Naam van Jesus Christus.

182 Hier, hierdie vrou was so siek, hierdie dame wat hier gelê het. Kyk om na hierdie kant toe, Suster, net hier. Jy blyk die siekste een van die groep te wees. Jy het gebid. Glo jy ek is Sy profeet, Sy dienskneg?

183 Ek het 'n rolstoel, iewers, sien opkom. Dis daardie man wat net daar sit, hy het 'n beroerte gehad. Hy's 'n prediker, sy naam is Mnr. Fergusson. Jy in die Here Jesus Christus glo, sal jy uit die stoel kom. Ek genees nie mense nie.

184 Verskoon my, dame, ek moes dit volg, ek het opgelet jy is so siek. Sekerlik. Jou suster hier, wat jou dophou, sy het jou lief. Jy's geskadu tot die dood, jy weet dit. Kan nie lewe tensy God help nie, Mayos' weet dit, nie waar nie? Jy het van Mayos' af gekom, jy was na Mayos' toe daarbo, Mayos se Kliniek. Kanker wat jou doodmaak. Hulle het jou hiernatoe gebring vir hierdie diens, dit is waar. Jou suster kan daarvan getuig.

185 Ek kan jou nie genees nie, maar laat ek jou iets vra. Daar was drie melaatses, eenkeer, by 'n poort gesit het toe Samaria beleër was deur die Siriërs, hulle het gesê: "Waarom sit ons hier totdat ons sterf? As ons hier bly, sal ons sekerlik sterf, as ons in die stad ingaan, gaan ons in elk geval sterf, want hulle eet mekaar se kinders daarbinne." Maar gesê: "Wat as ons afgaan na die kamp van die vyand? As hulle ons doodmaak, sal ons in elk geval net sterf, maar as ons—as ons lewendig gespaar word, lewe ons." God het dit geëer, het Hy nie? En hulle is gered, en het gered die gr-. . .

186 Jy sit op dieselfde plek. Mayos' het jou geweier, Mev. Mason. Vreemd dat ek jou geken het, wie jy is. Nou, maar ek wil vra. . . Hulle het jou weggewys, daar's niks wat hulle vir jou kan doen

nie. As jy daar lê sal jy sterf, as jy na Mayos' toe gaan, sal jy sterf, jy word nie gevra om na 'n vyand se huis toe te gaan nie, jy wil wees. . .in die huis van die Vader inkom, vanaand, dat Hy jou sal genees. Glo jy met jou hele hart? Ek sou opstaan, en daardie draagbaar neem, en hier uitstap, en huis toe gaan, genees word.

187 Wat van jou, dame daar oorkant op daardie draagbaar, wat hiernatoe kyk, glo jy ek is Sy profeet? Ja. Glo jy met jou hele. . .? Daardie ou kolitis en goed sal jou verlaat. Glo jy? Glo jy dat ek God se profeet is? Staan dan op daaruit, in die Naam van Jesus Christus. Staan op jou voete!

Daar is sy, 'n kreupel. . .?. . .Glo julle? Glo almal met julle hele hart?

188 Kom hier, broers. Gaan af, en lê jou hande op die siekes en beproefdes. Gaan soontoe. Gaan af, lê jou hande op. . .?. . .

189 Ek wil julle vra: Is dit die werke van Jesus Christus? Steek julle hande op, en sê: "Amen." Hier kom God se diensknegte af om hande op te lê terwyl ek bid.

190 Laat. . .Elkeen van julle in die rolstoele, maak nie saak waar julle is nie, hierdie is julle uur, hierdie is die tyd vir julle genesing. Ek gaan bid. Laat die gehoor staan, staan op julle voete, ek gee nie om wie jy is nie.

191 Elkeen van julle manne van God gaan soontoe, en lê hande op hierdie mense. Ek gaan vir hulle bid terwyl julle julle hande op hulle lê. En elke. . .

192 Kyk na die rolstoele en beddens, wat opstaan! Lê julle hande op hulle, broers.

193 Almagtige God, Wat Jesus Christus opgewek het uit die dood, en getriomfeer het oor elke vyand, oor die duiwel, ek daag elke duiwel uit: Kom uit hierdie mense uit, in die Naam van Jesus Christus.

194 Verlaat hulle, Satan, hulle is genees. Christus. . .?. . .

61-0414 Wees Nie Bevrees Nie, Dit Is Ek
Illinois Wesleyaanse Universiteit
Bloomington, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org